

D

da v. **daai** I en **dè**.

daai I: — *da(i)/ta* —, in kindt. v. **dankie** (q.v.), vgl. Eng. *ta*, wsk. v. *thank(s)* en v. Frank TB 206, No. 71.

daai II: in gemoedelike geselst., bv. *Hoe's daai!* (— *Hoe is daai!* — wsk. via *darie* uit *daardie*), vgl. Eng. *How's that!*

daalder v. **riksdaalder**.

daan: soos in *daar-/hier-/waarvandaan*; nou as agterv. gevoel, maar vroeër nog selfst. wd., bv. Mnl. *dāne(n)*, Hd. (*von*) *dannen*, Eng. (verleng) *thence*.

daantjiedied(e)rik v. **diederik**.

daap v. **ghaap** I.

daarnatoe I: “daarheen, soontoe”, byw. aanduiding v. rigting.

daarnatoe II: — *daaraantoe/daarentoe/(dial.) daantoe* —, voorafgegaan deur *tot* en in bet. “daar is niks meer aan te doen nie”; Ndl. *daaraantoe/(ouer) daarentoe* (Scho TWK/NR 7, 1, p. 35 meld Afr. vorm by Wik, maar dit kon al vroeër ontw. het na die vb. v. **daarnatoe** I (vgl. vRieb: *daer na toe* d.d. 17.7.1654).

daba(gras) v. **dobo(gras)**.

dac(c)ha v. **dagga**.

dachshond: — *dashond* —, ook bek. as *worshond*; *dachshond* is 'n hibr. ss. v. Hd. *dachs* en Afr. *hond* na die vb. v. Hd. *dachshund* (v. **das** I).

dacron v. **nylon**, **orlon**, **rayon**.

dadelik: “gou, onmiddellik, terstond”; Ndl. *dadelijk* (by Kil nog in bet. “metterdaad” en by vRieb in vorm *datelyck*) afl. v. *daad* wat (soos Hd. *tat* en Eng. *deed*) verb. hou m. die ww. *doen*; v. **dalk**.

daeraad I: — *dageraad* —, “daglumier, rooidag”; mv. *-rade*; Ndl. *dageraad* (Mnl. *dag(e)raet*), hoofs. WGerm. wd. en herk. tweede lid onseker; kan dit verb. hou met *rooi* (vgl. Afr. *rooidag* = *daeraad*)?

daeraad II: — *dageraad/daw(w)eraad* (ander ww. by WAT) —, mv. *-raads*; ben. v. versk. visse v. d. fam. *Sparidae*, via Ndl. *dorade* uit Port. en Sp. *dorado* (verb. m. Lat. *de-auratus*, “verguld” — *aurum*, “goud”, v. Frank TB 129–31).

dagga: pln. (*spp. Leonotis*, fam. *Labiatae*, soos die Ind. hennep, *Cannabis sativa*, fam. *Moraceae*), reeks spelv. by Nien HOTT s.v. **dagga** en **tabak** I en III, sedert vRieb *dac(c)ha*; Hott. wd. in Na. as *daya-b*, deur Mein LNS 106 afg. v. Arab. *duḫān*, “tabak”, terwyl Lic, Hahn e.a. verb. soek m. die wd. *tabak*.

dagha: “messelklei” (van grond, sand, kalk, sement of mengsels daarvan); Ngu. *u-daka*, “klei, modder”.

daglumier v. **lumier**.

dahlia: ingevoerde plant- en bloms. (*spp. Dahlia*, fam. *Compositae*), ook bek. as *ada(h)lia* (v. **a-**) en vernoem na die Swe. plantk., Anders Dahl (18e eeu), ’n leerling v. Linnaeus.

dai v. **daai** I.

daiëlsebossie v. **daniëlsbos(sie)**.

dalk: — *dalkers* (minder gew.)/*dalkies* —, “altemit, miskien, moont=lik”, bw. met modale funk. (vgl. **straks**), saamgetrek uit **dadelik** (q.v.).

Damara: “lid v. dié volksgroep in S.W.A.”, ook bek. as *Dama*, *Bergdamara*, *Klipkaffer*; die vorm *Damara* is die vr. van die dual. v. Na. *dama-b/dama-s*.

damara: “onverbeterde beess. v. d. Damaras” (q.v. en vgl. **Afrikaner** II).

damba: viss. (*spp. Dichistius*), vlgs. WAT ook bek. as *streepgaljoen*, kom vlgs. Barn v. Algoabaai tot aan Natalse kus voor, wsk. Xh. *i-damba*; Frank TB 129 se verkl. dat dit Ind. is, lewer besware op, o.a. omdat die Ind. vis tot die kabeljoue (fam. *Serranidae*) behoort en die bedoelde vis blb. beter aan die Bant. as aan die Mal. en Kleurlingvisers bek. is.

damkokker v. **das** II.

dan: in uitdr. *dan en wan*, “nou en dan” (v. **wan**); uit Hd. *dann und wann*.

dan(n)e-: reeds Mnl. ww. v. *denne-*, ’n vorm wat moeiliker te verkl. is as *dan(n)e-*, vgl. Hd. *tanne*, “den(neboom)”.

daniëlsbos(sie): pln. (*spp. Gerberia*, fam. *Compositae*), ook bek. as *daiëlsbossie* (WAT) en *dialsabossie* (Mar); die eien. Daniël word (veral onder nie-blankes) dikw. as Daiël uitgespr., terwyl swak bekl. *e* as *a* gehoor en uitgespr. word, dus as *daiël sa bossie*, wat òf i. d. mond v. Kleurlinge òf misk. onder Eng. invloed tot *dialsabossie* ontw. het.

danig: “baie, erg, uitermate”, as selfs. wd. los gemaak uit ss. soos *dus-* en *sodanig*; Ndl. *dusdanig* uit *dusdaan* + *-ig* waarin *dusdaan* uit ouer *dusgedaan* (met uitstoting v. *ge-*) verl. dw. van *doen*, m.a.w. *dus/so (ge)daan/(ge)doen*; v. ook **gedaan**.

dankie: sametr. v. Ndl. (*ik dank je/u*, ook as s.nw. gebr. (vb. uit Trig by Scho TWK/NR 7, 1, p. 35).

danne- v. **dan(n)e-**; **dan(n)ebol** v. **pynappel I**.

dapper: “baie, erg”; vRieb gebr. dié wd. (soos trouens ander 17-eeuers, vgl. WNT III 2295) presies soos ons vandag *bra* (uit ouer *braaf*) as bw. v. graad gebr., nl. “dapper bevreest voor sijn”.

darem: versw. vorm (meest. m. modale funk.) v. *daarom*.

das I: soogdiertjie (*spp. Procavia*, fam. *Hyracidae/Procaviidae*) wat alleen in Afrika en dele v. Asië voorkom, reeds by vRieb (*dassen* en *steendas*) e.a. (v. Nien HOTT s.v. **dassie I** en **II**), word in die Afr. Bybel (behalwe in Spr. 30:26 waar *klipdassies* staan = vRieb se *steendas*?) oral *das* genoem, maar in die Ndl. en Eng. vert. ondersk. met *konijn* en die verw. *con(ey)* weergegee, dog versk. daarvan en ook v. d. Ndl. *das* en Hd. *dachs* (v. **dachshond**) wat met Eng. *badger* op nouer verw. diertjies (fam. *Mustelidae*) toeg. word. Die S.A. soort word in Eng. *das/dassie/dassy* of *rock rabbit* genoem. Die wd. *das* is, soos Ndl./Afr. *vos*, Eng. *fox*/(vr.) *vixen* en Hd. *fuchs* wsk. v. Germ. herk. en het daaruit in d. Rom. tale oorgegaan (vgl. ook Scho PD 12).

das II: gew. dim. *dassie*, seevis wat egter riviermonde binnedring (fam. *Sparidae*), kom v. Angola tot Natalse kus (behalwe in Tafelbaai) voor, selfs in Middell. See, en word in S.A. ook *kol-/swartstert/basterhottentot/damkokker* genoem. Naam het blb. geen verb. m. Eng. *dace* (ouer *darce*) v. ’n ciprinoïede varswatervis nie, maar wsk. toep. v. *das I* op vis n.a.v. vooruitstekende tande by albei en donker kol op rug v. diertjie en op stertsteel v. vis.

das III: kledingstuk; Ndl. *das*, waarvan herk. vlgs. FvWvH onbekend is, Verc (BEW) soek egter verb. m. Vl. *dasse*, “pruik”, en *das(se)*, “pelsjas”, wat op Bar. byvorm v. *dos* teruggaan, en

neem aan dat *das/dos* saam vroeër bet. “pelskraag” gehad het. misk. verb. m. It. *dossi*, “bontkraag”, maar deur dVri J NEW onseker geag.

dashond v. **dachshond** en **das** I.

daspis: — *dassiepis* —, “urien- en ander uitskeidings v. dasse, bek. as *hyraceum* of *hyrax* en vroeër dikw. as geneesmiddel gebr.”, eufem. *dassiekruie* en *klipsweet* genoem; Scho (TWK/NR 7, 1, p. 35) gee sonder meer vindplekke v. d. wd. *dassiepis*.

dawee: — *daweep/daweess/davib/daweb/dawib/dawip* —, minder gebr. ben. v. die **abickwasboom** (q.v.), *spp. Tamarix*, fam. *Tamaricaceae*; Na. *dawe-b* (by Kroen) en *dabi-hei-s*, “dawee-boom” (by Tin), *dabby bushes* (by Pet A), vlg. Scho (PD 48) die eerste by Wik; v. ook **tamarisk**; vgl. Nien HOTT s.v. *dawee(boom)*.

daweraad v. **daeraad** II.

dawidjie(s): — *dawidjiesgoed/dawidjie(s)wortel* (e.a. by WAT) —, versk. plante (veral v. fam. *Menispermaceae*); ondanks beswaar v. Scho (PD 91 voetn.) wys ww. op assos. m. **dawee** (q.v.) en op verb. m. uitdr.: “Iemand wys waar Dawid die wortel gegrawe (ook al: “begrawe”) het.” By Scho (t.a.p.) talryke vb. v. oordrag v. ben. op nie-verw. diere en plante.

dawip v. **dawec**.

dawweraad v. **daeraad** II.

de: Ndl. bep. lw., soms voorafgegaan deur *wie* of *wat* (bv. *wie/wat de duiwel . . .*), vir doeleindes v. grappigheid, nadruklikheid of oordrywing gebr., vgl. Eng. *the*.

dè: — *da* —, wsk. uit *daar*.

dê: vermaakw., na vorm misk. verw. aan **dè** (uit *daar*), na bet. te vgl. met **wê!** (q.v.).

debet: “skuldpos, skuldkant v. rekening by Boekhou”; Ndl. (sedert 17e eeu) via Fr. *débet* of regstreeks uit Lat. (subst. gebr. v. 3e pers. ekv. teenw. tyd v. die ww. in vorm) *debet*, “hy skuld”, hou verb. m. Eng. *debit* en *debt*, dikw. in Afr. m. *debiet* verwar, net soos **kredit** en **krediet** (q.v.).

debiet: “afset, verkoop”; Ndl. *debiet* (eers sedert 18e eeu, al kom *debiteur* sedert die 16e eeu voor), vorm en bet. beïnvloed d. Fr. *débit(er)* en/of It. *debito* wat albei verb. hou m. Lat. *debitum* en

aanv. ook “verskuldig” bet. het, maar wat blb. n.a.v. vordering die bet. v. “afset” ontw. het, dikw. in Afr. verwar m. *debet*; vgl. ook **kredit** en **krediet**.

debs v. **deps**.

deeglik v. **terdeë**.

deemoed v. **ootmoed**.

dees v. **dese**.

defek v. **befek**.

dekaan: “hoof v. fakulteit v. universiteit”; Ndl. *decaan/dekaan*, laat geleerde ontl. aan Ll. *decanus*, “vernaamste/hoof v. tien” (monnike in klooster), ’n vroeër ontl. v. dies. wd. is **deken** (q.v.); in Eng. *dean*; *dekaan* en *deken* hou verb. m. Lat. *decem*, m. Ndl./Afr. *tien* en Eng. *ten*.

deken I: “senior lid v. d. diplomatieke korps”; Ndl. *deken*, soos Eng. (uit Fr.) *doyen*, uit Ll. *decanus*; v. **dekaan**.

deken II: “bedbedekking oor kombes en onder bedsprei”; Ndl. *deken*, gew. = Afr. “kombes” (Mnl. *deken*) hou verb. m. *dek* en *dak*, Eng. *thatch* en Lat. *tegere*, “dek”, en *toga*, “oorkleed”.

delf/delwe v. **dolf/dolwe**.

deps: — *debs* (WAT) — , “iets by wyse v. grap steel/wegvat”, met ausl. -s soos by *gaps* e.a.; wsk. uit Eng. *dab* (veral in kindt.).

der I: verboë vorm v. **de** (q.v.) in geykte wdg. soos: *brood der smarte*; *dag der dae*; *in der minne*; *in der waarheid*; in ss. soos: *byderhand*, *dermate*, *inderdaad*, *inderhaas* en soms ter verst.: *derduisende*, *derjare*, ens.

der II: “daarheen”, uit *derwaarts* in: *her en der* (v. **her**) waar *der* ’n versw. vorm v. *daar* is; vgl. Mnl. *daerwaert(s)/darwerdes/derwerdes*.

der III: — *ter* — ; soms los, soms vaste verbg. m. s.nw. (vgl. *derduiwel*), misk. onder Du. invl.; v. ook **ter** II.

derby: “perdewedren”; Eng. *derby*, na die graaf v. Derby wat die wedrenne in 1780 ingestel het (vgl. ook **bisley**).

derduiwel: — *derduwel* — , s.nw. en uitrw.; wsk. na vb. v. Hd. *der teufel*.

derm: bep. deel v. spysverteringskanaal; Ndl. *darm*, met ww. *derm*, Hd. *darm* — behalwe Gr. *tormos*, “gat”, is Idg. verw. onseker.

derrie v. **doerias**.

derwisj: soort Oosterse monnik; Ndl. *derwisch/derwisj*, kom voor in die Slaw., Rom. en Germ. tale, deur Lok afg. v. Pers. *därwēs*, “arm; bedelaar”, en vb. v. gebr. sedert 16e eeu by Hob-Job.

des: verboë vorm v. Ndl. bep. lw. (v. **de** en **der** I), in geykte wdg. soos: *kind des doods; steen des aanstoots*; voor *te* gevolg d. verg. tr.: *des te beter/meer*, ens.; in kompo. soos: *desnoods, desondanks*, ens.

dese: aanw. vnw., soms in vol vorm: *na dese*; dan weer in vorm sonder ausl. klinker: *op dees aarde; deesdae*; en weer in verboë vorm: *die tiende deser, deser dae*; Ndl. *dees/deze*, Hd. *diese(r)*, Eng. *this*; v. ook **deuskant**.

+**desem:** nog net fig. in bv. *suurdesem*; Ndl. *de(e)sem*, hou verb. m. (*ge*)*dy* en nie verw. aan *deeg* nie; vgl. vorm met **als** I (uit *alsem*) en *bras* (uit *brasem*).

deser v. **dese**.

deur I: s.nw., sluitstuk voor ingang v. kamer of kas, ens.; Ndl. *deur* verb. m. Hd. *tür* en *tor*, Eng. *door*, Lat. *foris*, “deur, hek” en *foras*, “buitenshuis”, asook *forum*, “openbare plek, bv. mark”, en Gr. *thura*, “deur”.

deur II: bw. en voors.; Ndl. *door* (Mnl. *dore*, by vRieb dikw. *deur*, soos ook in Ndl. dial.), Hd. *durch*, Eng. *through* en *thorough* — Idg. verw. onseker.

deurdrif v. **drif** II.

deurentyd: “gedurig”; Ndl. *door den tijd* (tans minder gebr.) “mettertyd”.

deurtrekker v. **abjater, stertriem**.

deuskant: voors., — *duskant* (by Wik *dees kant*, v. Scho TWK/NR 7, 1, p. 35) — ; Ndl. *dees/deze* (reeds 17e eeu en nog dial. *deus/deuze*), oor ontst. v. voors. uit wdg. vgl. **anderkant**.

diaken: “kerklike amp”; Ndl. (ook Mnl.) *diaken*, Eng. *deacon* uit Ll. *diaconus*, Gr. *diakonos*, “dienaar”.

dialsabossie v. **daniëlsbos(sic)**.

diarree: bep. vorme v. buikloop; Ndl. *diarr(h)ee* (nog nie by Kil nie en blb. eers sedert 18e eeu bek.), soos Hd. *diarrhöe*, uit Fr. *diarrhée* uit Gr.-Lat. *diarrhoea* (*dia-*, “deur”, + (*h*)*rein*, “vloei”).

diebejoe v. **dubbeljoe**.

diederik: — *diedrik/daantjiedied(e)rik/jandied(e)rik* — , voëln. v. d. *Lampromorpha cuprea*, fam. *Cuculidae*; IVa (I 308) gee te kenne dat hy hom die naam *didric* gegee het n.a.v. sy deuntjie *di di didric*, dus kn.

diemend: gew. in verbg. *diemendse sis*, dies. as *diemet/diemit* (WAT), soos in Ndl. wat dit (nes Eng. *dimity*) blb. eers in die 18e eeu aan It. *dimito* (Ll. *dimitum*, Gr. *dimitos*, “tweedradig”) ontl. het — hoewel die *n* in *diemend(se)* nie presies parallel met dié in *gebuk=kend, nakend* en *stukkend* is nie, is dit misk. vglb.

dierbaar: “bemin(lik), gelief”; Ndl. *dierbaar*, met eerste lid ’n dial. (eint. Vl.) ww. v. *duur* en verb. met Eng. *dear* en Hd. *teuer*.

dies: “daarvan, hiervan” in: (wat) *dies meer* (sy); Ndl. *dies*, verboë vorm v. aanw. vnw. *die*.

dieselde: dikw. in Afr. gebr. i.p.v. *dieselfde*.

diesman: — *duisman/duusman* — , eerste lid uit *diets/duits/duuts* wat nog in Ndl. *Diets(ch)/Duits(ch)* (Mnl. *dietsc/duutsc*, by vRieb nog *Duytsman*, “Nederlander”, en *die duytsche tale*, “Nederlands”), Eng. *Dutch* en Hd. *Deutsch* voorkom en verb. hou m. Lat. *Teutoni/Teutones*; nuanses v. bet. in versk. tye: “volks”, “Germaans”, “Duits”, “Nederlands”, “Blanke(s)”, veral in S.A. deur Kleurlinge gebr. v. d. “witman” en wat met hom in verb. staan, bv. *duiskoring*, ens.; vgl. ook **diets**.

diets: in uitdr.: *iemand iets — maak*, d.w.s. iemand iets wysmaak, iets laat glo wat nie waar is nie; ook Ndl. en dies. wd. as in **diesman** (q.v.) met byg. aan die by- en goedgelowigheid v. d. minder ontwikkelde volksklasse, die sg. “diet”.

diewajoe v. **dubbeljoe**.

dikbas v. **drolpeer**.

dikdei v. **geitjie**.

dikghei v. **geitjie**.

dikkedensie: “benardheid, verknorsing”, “volkse” vorm v. *deka=densie*; Ndl. *deca-/dekadentie* uit Fr. *décadence* (Ll. *decadentia* —, *de-* + *cadere*, “val”), blb. later as *deca-/dekadent* in Ndl. opgeneem.

dinges: plaasvervanger v. naam wat jy op d. oomblik nie kan onthou nie; soos in Ndl. verboë vorm of afl. v. *ding*, vgl. Eng. *thingamy/thingumajig/thingumbob/thingummy* en die Fr. gebr. v. *chose*, “ding, saak” in bet. v. “dinges”.

Dingsdag: ww. v. *Dinsdag*, soos in Ndl. eint. juister vorm wat verb. hou m. naam v. Germ. god, *Tiwa*, vgl. Eng. *Tuesday*, Lat. *deus*, “god” en Gr. *Zeus*, “n bep. god”.

dink: met *i* voor *n* in ww. en nuwe kompo. soos *dinkwerk* en origens *e* in: (die) *denke* (s.nw.) en in oorgeërfde kompo. soos: *denkbeeld*, *gedenkteken*, ens.; Ndl. *denken* (ook m. ww. *dinken*), Hd. *denken*, Eng. *think*; hoof. Germ., maar ook in Iti.

dip: s.nw. en ww., “ruimte waarin vee in vloeistof ondergedompel word; vloeistof vir ontsmetting van vee; die betrokke handeling” (ww.); hoewel die ww. ook in Ndl. (uit Eng.) voorkom, is dit blb. ’n regstreekse ontl. in Afr. uit Eng. *dip* wat verb. hou m. Eng. *deep*, Afr. *diep* en *doop*, Hd. *tief* en *taufen*.

dirkdirk(ie): kn. redup. voëln. (*spp. Hemipterix*, fam. *Sylviidae*), ook bek. as (gevlekte) *klapklappie* en *soutvaatjie* en nie m. **died(e)rik** te verwar nie.

dis I: “(eet)tafel; ete; skottel”; Ndl. *dis(ch)* (Mnl. *disc*), Hd. *tisch*, Eng. *dish*, ontl. aan Lat. *discus*, Gr. *diskos*, “(werp)skyf; skottel” (lg. bet. wsk. ouer as die ander), vgl. ook **dis III**.

dis II: sametr. in Afr. v. *dit is*.

dis III: “die skottel v. ’n skottelploeg”; uit Eng. *disc/disk*, v. verder **dis I** en vgl. ook *diskus* (by atletiek).

disa: pln. (*spp. Disa*, fam. *Orchidaceae*), baie soorte v. hierdie orgideë inheems in S.A., naam in S.A. Eng. en in Kl.-Afr. as *daisa* uitgespr.; Frank (TB 136) se verkl. uit naam v. Bartholomeo Dias lyk die aanneemlikste; v. ook **ewwa-trewwa**.

diskoteek: plateversameling; vgl. **biblioteek**, **xiloteek**.

diskus v. **dis I** en **III**.

disnis: veral in verbg. m. *ja(ag)*, *loop*, *speel*, *werk*, ens., “heeltemal oortref of verslaan; moeg of uitgeput wees”; Eng. *distance* (soos by reises v. kinders en perdewedrenne) — die opvatting was

vroeër dat 'n perd die ander met minstens 100 tree moes wen om hulle disnis te loop; Eng. invl. op dié gebied blyk o.a. ook uit *derby*, *jokkie*, *reisies*.

dispens v. **spens**.

dissel I: soort byl d. kuipers en wamakers gebr.; Ndl. *dissel* (Mnl. en dial. *dissel*, by Kil *diessel*/*diechsel*/*dessel*/*dissel*), dial. Hd. *dechsel*, misk. invl. v. **dissel II**, verw. verderop onseker.

dissel II: veral nog in *disselboom*; Ndl. *dissel* (Mnl. *diesel*, dial. *dysel*), Hd. *deichsel*, verb. m. Lat. *temo*, “balk, paal”, misk. ook m. Lat. *telo*, “pompswingel”, ander verw. onseker.

dissel III: — *distel* —, alg. ben. v. allerlei stekelrige kruidgewasse, kom o.a. nog voor in **seidissel**/**suidissel** (q.v.); Ndl. (Mnl. en dial.) en Hd. *distel*, Eng. *thistle*, herk. hoërop onseker.

ditsem: — *ditsit* —, uitr. v. goedkeuring (m. etlike variante); ook in Ndl. (nie in wdb. gedok. nie) sametr. uit o.a. *dit 's (h)em/dit 's (h)et*, vgl. ook Eng. *that 's (t)*.

ditsy: naas *hetsy*, sametr. v. *dit/het* en *sy (dit/het sy so)*; Ndl. veral *hetzij* (reeds Mnl. *hetsi*).

ditter v. **dotter**.

divan: — *diwan* —, gew. lae leuninglose rusbank; Ndl. *divan*, blb. eers betr. laat in bet. “rusbank” ontl. aan Fr. *divan* wat, soos It. *divano*, Hd. *diwan*, Eng. *divan* en Ind.-Eng. *dewaun*, teruggaan op Arab.-Pers. *diwān*, die ben. v. 'n “hoë amptenaar v. finansies”, later toeg. op “sy kantoor; sy lessenaar, die bank in sy kantoor”, hou dus verb. m. **doeane** (q.v.).

djiekelanghaap v. **ghielangghaap**.

djoela: — *t(s)jwala* —, “st. bier” ter ondersk. teenoor *le-ting*, “ligte bier”; Zu. *u-tshwala*, “(kaffer)bier” (net in ekv.), *ama-tshwala*, “bierparty(e)” (net in mv.), vlg. SSo. *joala* (Doke-Vil 824).

+**do**: “dood” in uitdr.: *liewer blo Jan as — Jan* (v. **blo II**); ook dial. Ndl. *do/do(o)de/doje*, ens.

dobbelos v. **dolos II**.

Dobermann-pinscher: bek. honderas, so genoem na Ludwig Dobermann, 'n bek. Duitse hondeteler uit die vorige eeu; Hd. *pin(t)scher* (ouer *pinsch*), “soort speurhond”.

dobo(gras): — *daba-/dabbie(gras)*, in Eng. *dobbo grass* (Pet A 135) — , *Miscanthidium capense*; Xh. *i-dobo*.

dotder: pln. (*spp. Cuscuta*, fam. *Convolvulaceae*), inheemse en uitheemse soorte, 'n parasiet in lusern e.a. gewasse, ook bek. as *duiwels(naai)gare /-garing / duiwelstou / monniksbaard / nooienshaar / perdeslaai/warkruid*; kom in vorm en bet. ooreen m. Eng. *dotder*, maar nie orals m. Ndl. *dotder* nie wat blb. soms = **dotter** (q.v.) en toeg. op ander plants.; verb. gesoek m. *doo(ie)r*, “geel v. eier”, maar onseker; vgl. egter Heuk 81 by *spp. Cuscuta* volksn. soos *doderkruid, duivelsnaaigaren, warkruid*.

+ **dotwieg:** (dial. W.-Tvl. v.) “dwarswalletjie oor pad”, so genoem na padinspekteur Douthwaite in die jare twintig.

doeane: “amptenaar; kantoor; belasting (i.v.m. in- en uitvoer)”; Ndl. *doeane* (ouer *douane*) uit Fr. *douane* wat, soos It. *doane/dogana*, Port. en Sp. *aduana*, verb. hou m. Arab.-Per. *dīwān*, v. **divan**.

doedelsak: “blaasmusiekinstrument”; Ndl. *doedelzak* uit Hd. *dudelsack*, wsk. uit Poo.

doedoe: verklanking v. susgeluid by talryke ou wiegeliedjies by meer as een volk, in Afr. ook ww. *doedies/doek(s)/doek(s)ies/doeka*, vgl. Ndl. *dodijnen*, Fr. *dodo* (o.a. dCo-Tei IV 230 en dTo S SAV 3).

doemba I: *dumba* (by Mar en WAT), “swelsel aan takke v. *Acacia caffra* veroorsaak d. parasiet *Loranthus dregei*”; hou verb. m. Ngu. ww. *dumba*, “swel”.

doemba II: “heel gekookte kafferboontjie” (WAT s.v. *doemba*); hou verb. m. Ngu. *um-dumba*, “eetbare wildeboontjie; boontjie-peul”.

doemdoempie: “muggie” bek. as *brandassie* of *warmassie*; 2. “bruispatroon vir spuitwaterfles”, albei kn.

doemêla: begroetingsw. tussen blanke en nie-blanke; So. *dumela*, “gegroet!”

doepa: s.nw. en ww., “toorgoed, paljas; toor; betower, verlief maak”; via Ndl. (reeds 17e eeu, o.a. by Rum) uit Mal. *doepa*, “wierook”.

doer: “daar ver”; (soms ook) *dour*, verst. vorm v. *daar*.

doerian: — (minder bek.) **duria(a)n** — , *spp.* *Đurio*, fam. *Bombacaceae*; via Ndl. (16e eeu) *doerian/durioen* uit Mal. *doerian*, by Hob-Job gebr. sedert 15e eeu.

doerias: — *derrie/doer(e)jas/doria/duria* — , “geblomde of gestreepte tekstielstof”; blb. nie in Ndl. bek. nie, in Eng. al sedert 16e eeu, uit Mal. *doeri(j)as* (Hob-Job s.v. **doriya**).

dog v. tog II.

doilie: “bekerlappie, kraaldoekie”; Eng. *doily/doyley*, na die naam v. d. 17e-eeuse fabrikant in Londen, vlgs. NED ene Doiley of Doyley.

dok I: “aanlêplek v. skepe in hawe”; Ndl. *dok* (Mnl. *docke*, so ook by Kil wat dit reeds as veroud. noem) en hieruit wsk. Hd., Eng. en Fr. *dock* (in lg. reeds in 17e eeu as *dogue*), herk. onseker.

dok II: (met albaster) “skiet” (v. **dokkies**); “betaal” (vgl. *opdok*); Ndl. *dok*, “slag, stoot”, en *dokken*, “slaan” en “betaal”, verb. vermoed tussen **dok I** en **II** en met ander wd., maar onseker.

dok III: in ss. uit Eng. *dog* soos in **boeldok(hond)** q.v.

dokkies: naam van en term by bep. vorme van albaster- en tolspeel (vgl. WAT), hou verb. m. **dok II** en Ndl. *dokken* in bet. “slag” en “slaan”; Frank (TE 17 voetn. 2) se opm. berus maar net op Kil se *docken*: “dare pugnos, ingerere verbera” wat ong. neerkom op “die kneukels hou, die houe kry”.

dolf: — *dolwe* — , in 'n mate doeb. v. *delf/delwe*, “na delfstowwe grawe” en fig. (vroëer lett.) “die onderspit delf/delwe”; *dolf/dolwe* daarenteë gew. i.v.m. tuin- en wingerdbou; Ndl. *delven* (reeds Mnl.), “grawe”, Eng. *delve* het alleen verw. in Germ. en Balt.-Sl.; dit is enigszins bevreemdend dat in Ndl. etim. wdb. vermelding ontbreek v. *dolven* as inf. by Kil en by Mey L W, 8ste dr., 567.

dolfland v. dolland.

dolfvoor v. dolvoor.

+**dolik:** vlgs. WAT dies. as **drabok** (q.v.); Ndl. *dolik* (by Kil *dolck*), hou verb. m. *dol*, “mal”, n.a.v. bedwelmende eienskap v. d. kruid, en het dies. suf. as Ndl. *dravik*, maar *dolik* so min bek. dat dit in Afr. wdb. gew. ontbreek.

dolla: “meisie, nôi, pop” (veral in volksliedjies — nie in WAT nie); misk. verb. m. Eng. *doll*, “pretty silly woman”, short for “Dorothy” (NED).

dolland: — *dolfland* — , “land wat pas omgedolwe is”, v. **dolf**.

dolliwarie: — *dollewarie* — , “1. opsigtelike vrouehoedjie; 2. uitgedos wees; 3. in jou skik wees”; na naam v. Dolly Varden, ’n pronkerige vrouekarakter in Dickens se roman *Barnaby Rudge*.

dolos I: “bep. dierebeentjies as kinderspeelgoed”; hou wsk. verb. m. Ndl. ww. *dollen*, “speel”, en *os* na vb. v. *kleios*, misk. m. byg. aan Fr. (*jeu des osselets*, vgl. vWiel 186 se opm. dat ’n dolossie in die Boland *oesbeentjie* genoem is; v. verder Bosh TWK/NR XI, 1.

dolos II: “waarsêergoed” (v. been, hout, ens.); wsk. Bant. wat versk. vorme het wat blb. verb. hou m. Xh. *in-dawule*, misk. met *-s* v. Afr. mv. en oorg. v. *-es/-as* tot *-os* na vb. v. **dolos I**; dan kan *dobbelos/dowwelos* later volkset. vorme wees; v. verder Bosh TWK/NR XI, 1.

dolvoor: — *dolfvoor*/(soms ook) *dolwevoor* — , soos **dolland**, v. **dolf**.

dolwe v. **dolf**.

-dom: agterv., in Ndl. en Eng. *-dom* en in Hd. *-tum*, maar vroeër selfs. wd. wat verb. hou m. Ndl. *doem(en)*, Eng. *doom/deem*, hoof. Germ. verw.; i.s. sy rol by wdv. in Afr. vgl. Kem WFA 348–9.

domba I: pln. (*spp. Calophyllum*, fam. *Guttiferae*), O.-Ind. booms.; wsk. via Eng. uit Sing. *domba*, “poon tree” (Web).

domba II: “soort soetriet”; Zu. *i(li)-domba*, “species of sweet-cane”; *isi-domba*, “species of unusually tall sweet-cane” (Doke-Vil 166) — nie in WAT nie.

dominee: naam en aansprv. v. “leraar, predikant”; Ndl. *dominee*, Lat. vokf. v. *dominus*, “heer”.

domino: spel met blokkies wat soos dobbelsteentjies gemerk is; Ndl. *domino*, soos Fr. en It. *domino*, wsk. uit ’n Lat. formule waarby ’n verboë vorm v. *dominus* (v. **dominee**) te pas gekom het en waarby die wener dan domino, “baas, heer”, was; ook “ge-sigsmasker” en “maskerkleed” (met tekens soos dié v. domino=blokkies).

domkerk: “koepelkerk”; Ndl. *domkerk*, met *dom* wsk., soos Eng. *dome*, via Fr. *dôme* uit It. *duomo* (ouer *domo*) uit Lat. *domus*, “huis” (v. God).

domkrag: bep. hefboomwerktuig; Ndl. *dommekracht* waarin *dom* 'n ou ww. v. *doem/duim* is, naam n.a.v. krag ontw. deur die druk van 'n duim op 'n hefboom.

donderment: in uitdr.: “iemand op sy — gee (of) speel”, d.w.s. “afransel”; Scho (TWK 14, 1, p. 10) gee aanh. uit 1873; ook Ndl., maar aanh. by WNT uit 18e eeu; i.s. rol v. *-ment* by wdv. in Afr. vgl. Kem WFA 429-30.

donga: “spoelsloot”; Ngu. *u(lu)-donga*, “washed-out ravine or gully” (Doke-Vil).

donkie: *Equus asinus*, fam. *Equidae*; Eng. *donkey*, wat misk. verb. hou m. Eng. kleurn. *dun*, “grysbruin” (v. Kel. herk.), vlg. NED eers laat 18e eeu in Eng., dan later in Afr. waar dit te pas gekom het by verwarring v. *esel* en *muil*; v. ook *aidon*.

dons I: gew. mv. *donse*, “sagte fyn vere”; Ndl. *dons* (Mnl. *donst/dunst*, “plantehaar; eerste baardjies”, by Kil *donst/donse*) hou verb. m. Eng. *dust*, “stof”, en (*eider*)*down*, Hd. *daune* en *dunst*, “damp”; verb. v. bet. lê misk. in “uitblaas, uitdamp, uitwan,” ens., v. fyn, stofferige of stuiwende deeltjies.

dons II: “slaan” (veral in *opdons*); dit kan verb. hou m. Ndl. *donzen*, “slaan” en/of m. *donzen*, (ong.) “vere laat waai”, vgl. Eng. *dust*, bv. *to dust one's jacket*; v. ook **dons I**.

donshael: “baie fyn hael”, beantw. aan Ndl. *muss(ch)enhagel*, maar *donshagel* blb. nie in Ndl. bek. nie; Frank (TE 15, voetn.) het wsk. gelyk waar hy verb. aanneem met **dons I**.

doodgooi: — *doodgooier* — , “elke vorm v. harde, stywe styselkos” (bv. brood, kluitjie, koek, ens.), aan Afr. ontl. d. Xh. *u-dodor'oyi* in bet. “harde brood”; wsk. hieruit ook (gew. in vorm *doodgooier*) fig. uitbr. in sin v. “afdoende antwoord” (vgl. *dooddoener*).

doodleuters: — *doodluiters/-luters* — , “ongeërg, kwasio-onskuldig”; die eerste lid gee soos in *doodstil* 'n st. graad te kenne en die tweede behels die wd. *Luthers* (die Lutherane moes hulle ten tyde v. d. Hervorming dikw. stil hou), vgl. OFri. *dôd lütters* (tDK I 304).

doodmaak: in bet. “brand, lig, vuur uitdoen” nie Ndl. nie; maar twyfelagtig of vdTuuk gelyk gehad het met “Maleisch gedacht” (vgl. Scho TWK 13, 3, bl. 326, voetn. en TWK/NR 7, 1, p. 36 m. verwysing na eerste vindplek by Wik en gebr. v. Mal. (*mem*)=*boenoeh*); dit kon sonder Mal. invl. in Afr. gebeur het, vgl. argumente i.s. **vieruurtjies**.

doodskop: — *josef* — , reeds d. Thun vermeld (*spp. Callorhynchus*, fam. *Callorhynchidae*); Scho (PD 53) het wsk. tereg besw. teen Frank (TB 166, No. 14) se vereenselwiging v. *doodskop* (via *mokkel* en *poen*) met *poe(n)skop*; mntl. volkset. (vanweë vis se eienaardige vorm v. kop en snuit) v. eien. *josef* (deur Mal. en Kleurlingvissers uitgespr. *josup*) n.a.v. sy veelkleurige rok — Bul 2 beskryf sy alg. kleur as silweragtig, rug en vinne as donkerbruin, rugstekel, ens., as groenagtig, oogappel as smaraggroen, reën=boogvlies v. d. oog soos dié v. d. lyf (vgl. Web); v. **poenskop**.

dooier: — *door* (vgl. *dubbel*door) — , “eiergeel”; Ndl. *dooier/door* (Mnl. *doder*), wsk. verb. m. Ndl. en Eng. *dot*, maar verb. m. **dotter** (q.v.) en **dotter** (q.v.) word betwyfel.

dop I: “harde omhulsel v. dierlike en plantaardige voorwerpe; drankhouer en drankmaat”; (ook as ww.) “uit die dop haal”, ens.; Ndl. *dop* (Mnl. *dop/dup*), Hd. *topf*, “pot”, verb. m. Ndl./Afr. *top* en Eng. *top*, “tol”; v. **top I**; v. ook Scho (TWK/NR 7, 1, p. 36).

dop II: ww., “in ’n eksamen sak”; misk. verb. met ouer Ndl. *doppen* in bet. “(aan die hare/vere) pluk”, vgl. Eng. “to pluck/be plucked in an examination”.

dophou: “in die oog hou”; nie verb., soos soms gemeen, met *dop*, “dopmaat” (by drank) of “dopemmer” nie, maar met Ndl. *dop*, “oog”, en ontst. uit wdg.: *in de doppen/gaten hebben/houden* (vgl. *korrelvat* (uit: *op de korrel nemen*)); Malh DF AS 161 se verkl. hist. onjuis.

Dopper: “lid v. d. Geref. Kerk in S.A.”; WAT haal O’Kulis se afl. v. *domper* aan, maar ander het dit afg. v. *doper* en nog ander v. ’n manier v. hareskeer om ’n *dop*; die naam was egter wsk. ouer as die Kerk en dan moet wsk. gedink word aan Ndl. (reeds Mnl.) *dorper*, “dorpeling”, teenoor die minder konserwatiewe “stedeling”, misk. met byg. aan *Burgersdorp* (vgl. Spo B², 16).

doria v. **doerias**.

doring: van belang is die bet. “kranige persoon”, misk. deur byg. aan “skerp(sinnig)” en die vorm met velg. *-ing* (vgl. *ketting*, *koring*, *toring*, ens.); Ndl. *doorn/doren*, Hd. *dorn*, Eng. *thorn*, met enkele Idg. verw.

dorpsgrond v. **meent**.

dorpsjapie v. **japie**, **plaasjapie**.

dortel(appel): — (minder bek.) *dor-|dorrelappel* (WAT) — , *spp. Solanum*, fam. *Solanaceae*, ook bek. as *sodomsappel*, ander ben.

soos *kolokwint*, *bitter-* en *gifappel* word ook op lede v. d. fam. *Cucurbitaceae* toeg., lyk na 'n kontamv. v. *doring-* en *dotterappel*, hoewel die gladde sodomsappel en die doringrige/stekelrige dotterknop min uiterlike ooreenkoms toon — *dortel-* bly egter onseker.

dorter v. dotter.

dot: gew. dim. *dotjie*, “hoedjie”; blb. verb. m. Ndl. *dod/dot*, “iets tot 'n massa saamgedraai” (bv. 'n haardos; 'n suikerprop vir babas, ens.), so ook Eng. *dot*, “small lump”, herk. onbekend.

dotter: — *ditter/dorter/dotterblaar/dutter* (Lou S DT, Kaart VIII) — , ander ben. m. komb. v. *stink*, *olie* en *blaar* (t.a.p.), *spp. Datura*, fam. *Solanaceae*; *dotter* dikw. m. *dodder* verwar (vWiel 64, 138, 141), ook in Ndl. (WNT en Heuk), wat in ouer Pd. *dod(d)er* geheet het, is in ouer Hd. *toter* genoem en ook daar blb. verwar-ring; verb. m. *dooier/door* onseker; v. *dooier/door* en *dortel(appel)*; daar is ook gedink aan verb. m. *datura*, maar ook daarteen is daar (veral hist.) besware.

doublom v. vlieëvangertjie.

+**doucuma:** by Claudius (1685) en wsk. Hott., maar nòg die plant nòg die ben. bevredigend geid., v. Nien HOTT s.v. **wortel(soort)** II.

doukom v. ghôkum.

dour v. doer.

douwurm: “huidsiekte” (veroorzaak d. swam *Trichophyton* of *Epidermophyton* of *Microsporum*); Ndl. *dauwwurm/-worm/douw-worm* waarvan albei lede misk. op volkset. berus, mntl. m. byg. aan ring-/wurmvormige uitslag, ook in Eng. *ringworm*.

dowwelos v. dolos II.

dra: — *draag/drae* — ; Ndl. *dragen*, Hd. *tragen*, Eng. *draw*, wsk. verb. m. Lat. *trahere*, “trek”.

draaibossie v. ghom-/gom-/noembos(sie).

drabok: — (minder bek.) *dravik/drawik* — , bep. onkruid in graan (by Mans KHI s.v. *draabok*, sonder verkl.), ook bek. as *dronkgras* n.a.v. bedwelvende uitwerking (*Lolium temulentum*, fam. *Gramineae*); Ndl. *draverik/dravik* (soos ander pln. op *-(r)ik*, bv. *bolderik*, *deuvik*, *haderik*, *hadik*, *murik*), reeds Mnl. *dravic*, dial. *draaf/dravelte/dravich/-vid/-vig/-ving* e.a., daarnaas m. dies. grondw. maar ander vorm Ndl. en dial. *dreb/drep(s)*, Mned. en Pd.

dreps(e)/drespe, Mhd. *trefs(e)*, Hd. *trespe*, spp. *Bromus*, maar dit soms = *Lolium*, soms nie; hierby sinon. maar v. ander herk. Ndl. *dolik/lolik*, by Kil *dolck*, Eng. *drauk/drawk*, misk. uit Ndl., vervang sedert 14e eeu ouer vorme soos gerek. Oeng. *drafoc*, en teenoor Ndl. *drep(s)* en *tarwe*, ook Eng. *tares* as sinon. en *darnel*. Vraag is of wd. uit Rom. tale in Germ. gekom het of andersom: vir eerste pleit Ll. *dravoca*, Gall. *draok/dreok*, dial. Fr. *droue*, Bret. *draok/dreok* en Wa. *drāwe*, daarteen ouderdom, verbreedheid en ww. in Germ.; t.o.v. Afr. beslis uit Ndl., maar misk. 3 verkl. mntl.: 1. volkset.; 2. relv. m. *o* in tweede letg.; 3. kon=tamv. v. *dra(wik)* en *bok(wiet)* — die *wildebokwiet* (*Fagopyrum/Polygonum ta(r)taricum*, fam. *Polygonaceae*) is 'n vglb. "onkruid", v. *boekweit* (by Heuk) en vgl. Frank TE 15.

drae v. dra.

draghoender/dragoender v. dragonder.

dragoman: "tolk; gids", sedert Middeleeue intern. wd. waarin *-man* geen verb. m. Ndl./Afr. *man* het nie; Ndl. *dragoman*, Eng. *dragoman* (*druggerman* by Hob-Job), Hd. *dragoman/trutschelmann*, Fr. *drog(o)man/trucheman*, Sp. *dragoman/trujaman*, Port. *dragomano/trugimão* gaan almal via It. *dragomanno/turcimanno* en Volksgr. *dragoumanos* terug op Arab. *targuman*, "tolk".

dragonder: — (dial.) *dragoender/draghoender* (Kleurlingt.) — Ndl. *dragonder* òf uit Hd. *dragoner* òf uit Fr. *dragon* uit Lat. *draco* "draak", òf n.a.v. draak in vaandel òf n.a.v. regiment se vuurspuende karabyne.

dralpeer v. drolpeer.

dravik/drawik v. drabok.

dreef: (veral in uitdr.) *op dreef kom*, ablv. v. *dryf/drywe*; Ndl. *drijven*, Eng. *drive*, Hd. *treiben* — Ndl. s.nw. *dreef*.

dreig: (in bet.) "voornemens wees"; ook Ndl. (tans blb. veroud., by 17e-eeuse vb. in WNT III 3278 ook voeg vRieb (16.12.1658): "Met de leste boot timmerhauudt dreigt den Commandeur neffens de timmerluyden selfs mede te commen . . ."), Ndl. *dreigen* hou verb. m. Hd. *drohen* en Eng. *threat* en *threaten* en misk. ook met *throe*.

drempel v. drumpel.

dries I: gew. in ss. *driesland*, "saaigrond, tydelik of nog nie bewerk nie en braak", volkset. ook *ghriesland*; Ndl. *dries(ch)/driest* (Mnl. *driesc(h)*, by Kil *dries/dres*), Hd. *driesch* — Germ. en Idg. verw. nog in dispuut (dVr J NEW).

+**dries** II: “astrant, brutaal, vermetel”; Ndl. *driest*, ook *dries(ch)* en *drijst* (Mnl. *driest(e)/drijst(e)*, by Kil *driest/drijst*), Hd. *dreist*, mntl. in Ndl. en in Hd. uit grensdial., vgl. bv. WFa. *drīste*, “dreist, furchtlos” (Woe), herk. verderop onseker.

drif I: “drang, geesdrif”, mv. *drifte*; Ndl. *drift* (Mnl. *drift/dricht/dreft/drecht*) Hd. *trift* (in ouer bet. “hartstog”, tans meer bep. i.v.m. **drif** II); hou verb. m. *dryf* (v. **dreef**).

drif II: “deurgang v. mens en/of dier deur spruit of rivier”; mv. (soms) *drifte*, (meestal) *driwwe*, in Afr. is **drif** I en II feit. doeb.; Ndl. (vlgs. WNT nie meer in Afr. bet. nie, maar al by Kil *drift*, “brevia, locus vadosus”, d.w.s. “kort/vlak plekke, deurwaardbare plek”, vRieb (d.d. 9 en 26.8.1659) het ondersk. *overdrift* en *deurdrift*, “strook veld waaroor vee gedryf word”) en in 17e-eeuse Kaapse Stukke meermale *doordrift* en 18e eeu *drift* (vgl. Scho TWK/NR 7, 1, p. 35 en 36 s.v. **deurdrif** en **drif** ondersk. in Afr. bet.), v. ook **opdrifsel**.

drilvis v. **traagvis**, **trilvis**.

dro: — *droë/droog* —, “droog maak/word”; Ndl. *drogen*, ww. by *droog*, Eng. *dry*, Hd. *trocken*, Idg. verw. nie bek. nie, wsk. hoofsk. Germ.

droedas(kruid): “geneeskragtige kruie” (*spp. Pharnaceum*, fam. *Aizoaceae*); hou dit misk. verb. met die naam v. d. Duitse plantk. Oskar Drude? (vgl. **spykerbalsem**) of hou dit verb. m. Hd. *drude*, “townares” (vgl. Eng. *druid*, van Kel. herk.) en is die bet. “towerkruid”? (vgl. Klu EW).

+**droëntyd**: blb. sedert vRieb en sy opvolgers in gebr. a. d. Kaap, veral as teenst. v. *reëntyd* (Scho TWK/NR 7, 1, p. 36).

droes I: “versk. vorme v. besmetlike dier- en veral perdesiekte” (deur versk. basille veroorsaak); Ndl. *droes* (by Kil *droes(e)*, Fri. *troes*), Hd. *druse*, “perdesiekte”, *drüse*, “klier”, blb. alleen WGerm.

+**droes** II: (eufem. v.) “duiwel”; Ndl. *droes* (by Kil *droes*, “reus, krygsheld”), soos in Afr. veroud.; v. ook **broesa**, herk. v. albei onbek.

droes III v. **droesem**.

droesem: — *droes* —, “aanpaksel, besinksel, moer” (bv. v. wyn), wsk. dies. as *droes*, “metaalskuim”; Ndl. *droesem/droes* (Mnl. *droes(e)*, by Kil *droessem*), verb. m. Eng. *dross* (misk. ook m. *dregs*), vgl. ook **als** (uit *alsem*) en **bras** (uit *brasem*); herk. onseker.

drolpeer: — (misk. eufem.) *dralpeer* (by Mar, nie by WAT nie) — , *spp. Dombeya*, fam. *Sterculiaceae*, ook bek. as *blombos/-hout/dikbas*; die naam *drolpeer* (*drol*, “*excreta*”, verb. m. *draai* — vandaar neiging tot eufem.) vind misk. sy verkl. daarin dat die boom peerboomagtige blomme dra maar nie pere nie (vgl. sprw.: *perdedrolle is nie vye nie*).

dronk: (in bet.) “duiselig” (bv. v. draaibeweging, ongesteldheid, vermoedigheid, ens.); Ndl. *dronken* (in 17e eeu nog gew. in Afr. bet., tans hoofs. nog in kindt.), Eng. *drunken*, Hd. (*be*)*trunken*, vb. v. gebr. by Wik en Trig (Scho TWK/NR 7, 1, p. 36–7); ablv. uit verl. dw. van die ww. Ndl. *drinken*, Afr. *drink*.

dronklap: “verslaafde aan st. drank”; Ndl. *dronke(n)lap* (vgl. nog in Afr. i.v.m. pers.: *smeerlap*, *suiplap*, *teerlap*).

dronknes: “dronkmansparty”; *dronke(n)nest* bestaan blb. nie in Ndl. nie, maar dit sou in Afr. gevorm kon gewees het, misk. volkset. v. Eng. *drunkenness*.

droog v. dro.

droogmaak: “niks uitrig nie”; dit is gew. ’n oorg. ww., maar allerlei ongeurige dinge word soms as voorw. genoem en dit het misk. tot gevolg gehad dat die voorw. eufem. verswyg word.

droppers: “tussenpaaltjies by omheiningwerk”, nie in WAT nie, maar hoë frekw. in boeretaal; uit Eng. (handelst.) *droppers*.

dros I: nog in ss. *landdros*; sedert Eng. bewind in Kaapland (begin 19e eeu) is *magistrates* — Afr. *magistrate* as (veral) landelike amptenare by die regspleging benoem, in die O.V.S. en Tvl. sedert die begin v. d. huidige eeu, maar etlike jare gelede is die ben. *landdros* weer in ere herstel; *drosdy*, “ampswoning v. d. landdros” het egter hist. in gebr. gebly en in jongste tyd ’n neol. *drosteny*, “landdrosdistrik”, in gebr. gebring; Ndl. *drost/drossaard* (Mnl. *drossate*, “hofmeester”), Hd. *truchsess*; eerste lid hou verb. m. Oeng. *dryht*, “’n heer se gevolg,” en die tweede lid met die ww. *sit*, dus “hy wat in die heer se gevolg sitting het”.

dros II: ww., “wegloop”, wu. afl. *droster* (vroeeër veral in matroset.); Ndl. *drossen*, blb. tussen end 16e eeu (Kil) en mid. 18e eeu in Ndl. in gebr. gekom en meer in S.A. (as halfwegpos tussen Nederland en die Ooste) as in Nederland gebr., veral i.d. seemt.

druipkelder: — *drupkelder* — , “grot deur stalagmiete en stalaktiete gevorm”; Ndl. ken blb. nie *druipkelder* nie, wel *druipsteengrot* (*druip* hou verb. m. *drup(pel)*, Eng. *drip* en *drop*, Hd. *traufen*, *träufen* en *triefen*, terwyl Ndl. *kelder* (Mnl. *kelre/keller*), Hd.

keller, Eng. *cellar* 'n ontl. is uit Lat. *cellarium*, "voedselbewaarp-plek", of 'n Rom. vorm daarvan); Scho (TWK/NR 7, 1, p. 73) gee vb. v. gebr. in Afr. in 1824.

drumpel: — *drempe* (met verminderende frekw., gew. nog net fig.) —; Ndl. *drempe*/*drumpel*/(soms) *drompe*, verb. m. *dorpel* en *dreppel* onseker, Hd. *drempe* (wsk. uit Ndl. of Ned.), blb. het die wd. 'n inslag v. Fri.

dubbeljoe: — *diebejoe*/*diewajoe*/*dubbejoe*/*duwweljoe* — (vorme m. *ie* nie in WAT nie, andersyds wel met dim. uitg. *-joesie*), in uitdr.: *in die* — *wees*, d.w.s. "in die war wees"; Scho (TWK 14, 1, p. 10) se afl. uit Ndl. *dubbelduw*, "duiwel", lewer fonet. en sem. be-sware op, eerder te dink aan: *in dubio wees* (vgl. Nien DH 16.7.1954, ook in Ndl. volkst., vgl. Ster); Scho (t.a.p.) aanh. v. gebr. in HV van 1865 en Nien (t.a.p.) gebr. in *The Burghers-dorp Gazette* v. 1885; vorm *dubbeljoe* kon byg. aan Eng. uitspr. v. W.C. gewek het — *dubio* verboë vorm v. Lat. *dubius*, "on-seker", vgl. Ndl./Afr. *dubieus*.

dubbeltjie: "bep. muntstuk", vroeër — twee stuiwers, later = een pennie (n.a.v. devaluasie v. Ndl. geld na Eng. bewindsaanvaar-ding begin 19e eeu, v. Bosh VT 282); Ndl. *dubbeltje* — t.g.v. verwarring tans neiging om ww. **duwweltjie** (q.v.) vir die doring=(plant) te reserveer.

+**duffel**: (veroud.) "wolstof"; Ndl. *duffel*, b.nw. *duffels(ch)*, assos. m. plek Duffel (naby Antwerpen), hoewel betoog word dat daar nooit wewery v. dié stof was nie (dVri J NEW).

duig: meestal mv. *duie* (in uitdr. m. fig. bet.: *in* — *stort*), "wand-plank v. vat"; Ndl. *duig* (Mnl. *dūghe*, "lat", by Kil *duyghe*, (ook) "spon", vRieb *duygen*), misk. Germ. herk., maar mntl. verb. m. Ll. *dova*, "duig".

duikers: "drommels, verduiwels", eufem. v. *duiwels* (Scho TWK 14, 1, p. 10, met aanh. uit 1872); vgl. ook Ndl. *duivekater*.

duikersshoring v. aasblom, kabietjie.

duinebessie v. skilpadbessie.

duinkerkerk: s.nw. en veral ww. in bet. 1. "ontruim(ing)"; 2. "met 'n motor agteruitry" (lg. nie in WAT nie); na plek (Ndl. Duin-kerken, Fr. Dunkerque, Eng. Dunkirk) van waar Britse Leër i. d. Tweede Wêreldoorlog (1940) ontruim is; vgl. Eng. *maffick* (uit Mafeking).

duis v. diesman en diets.

duisendtree: volkset. v. *disenterie*, Eng. *dysentery*.

duiskoring en duisman v. diesman.

duisternis: eufem. v. *duiwel* (Scho TWK 14, 1, p. 10) en vgl. **duikers;** aanh. v. gebr. uit 1862.

duiwel: — (wsk. eufem.) *duwel* — , vgl. ook *derduiwel/derduwel*; Ndl. *duivel* (Mnl. *duvel/dievel*, by Kil *dievel/duyvel/duvel*), Hd. *teufel*, Eng. *devil* berus almal op vroeë ontl. aan Lat. *diabolus*, Gr. *diabolos*, “lasteraar; duiwel” (deur kerstening en kerkt. in Germ. opgeneem).

duiwelsbrood/-drek/-snuif v. ajoos.

duiwelskos v. slangkos.

duiwels(naai)garc/-garing/duiwelstou v. dodder.

dumba v. doemba I.

dum-dum(koeël): sg. “loodpункoeël” (veral sedert Tweede Vryheidsoorlog (1899-1902) bek.); Eng. *dumdum* (uit Ind. (wsk. v. Pers. herk.) *dämdäm*) na plek v. vervaardiging, Dumdum (naby Kalkutta).

dumping: (handelsterm v.) “goedere goedkoper op buitelandse as op eie mark verkoop”; Eng. *dump(ing)*, hou misk. verb. met Ndl./Afr. *domp(en)*.

durabel: 1. “duursaam”; 2. “duur”; in bet. 1. reeds 17e-eeue Ndl. (uit Fr. *durable*) o.a. by vRieb (WNT); in bet. 2. vroegste aanh. eers uit J. v. Lennep (19e eeu), maar ook reeds by vRieb (Scho TWK/NR 7, 1, p. 37).

duria v. doerias.

duria(a)n v. doerian.

duskant v. deuskant.

dusketyd: (veral in) *om* — ; Ndl. *dusschen/dusken* (uit *dusch/dusk* (uit *duslijk*, vgl. Mnl. *dusc* en *dulk*) + *een*; ong. “so ’n”).

dutter v. dotter.

duusman v. diesman.

duwel v. duiwel.

duwweljoe v. dubbeljoe.

duwweltjie: ben. v. plant en doring bek. as *duwweltjie(s)doring* (*spp. Emex*, fam. *Polygonaceae*, *spp. Pretrea*, fam. *Pedaliaceae* e.a.) wat Mar (24) met *duiweltjie* in verb. bring, maar wat sy naam ook aan sy dubbele/duwwele stekels te danke kan hê; v. Scho PD 33; v. ook *môrester*, *volstruisdoring*.

dwaba: pln. (*Popowia caffra*, fam. *Anonaceae*); hou wsk. verb. m. Xh. *i-dwaba* (die Zu. *isi-dwaba* is 'n *Helichrysum*, fam. *Compositae*).

dwadwa: booms. (vlg. Mar (25, 63 en 109) blb. nie net *Leucosidea sericea* nie, maar ook *Cordia caffra* en *Halleria lucida*); hou misk. verb. m. Xh. *isi-dwadwa*, 'n *Melianthus*, maar dan ook Zu. *isi-dwadwa*, ook 'n *Melianthus*, nl. *Grey(i)a Sutherlandii* (Krop, Doke-Vil en Mar 117); dus Ngu.

dwagras v. twagras.

dwarrelwind: — *warrelwind* — ; ww. met en sonder anl. *d-* presies so in Ndl. waarnaas ook *dwer(r)elen* (vRieb *dwarhwinden*), wsk. verw. aan Hd. *quirl*, terwyl die *d*-lose vorme weer aansl. by *werwelwind* (misk. ook by *wars*), by Hd. *wirbel* en Eng. *whirlwind* (misk. ook by *worse*); die gedagte wat daaraan ten grondslag skyn te lê, is blb. “draai”.

dwars: “reghoekig t.o.v. bep. rigting; transversaal; weerspanning”; Ndl. *dwars* (Mnl. *dwars/dwe(e)rs*), Hd. *quer* (naas *zwerchfell*), Germ. verw. verderaf, bv. in Eng. *thwart* (uit On.) en Idg. in Lat. *torquere*, “draai”; v. ook *wars*.

+ **dweil:** s.nw. en ww., “vloerlap; opvryf v. vloer”, beter bek. is *feillap* en *opfeil* (v. *feil* II); Ndl. *dweilen* hou verb. m. Mnl. *dwaen*, “was”, en m. Eng. (via Fr.) *towel* en Hd. *zwehle* — ooreenkoms in Ndl. tussen *dweil(en)* en *feil(en)* is opvallend, maar verw. moeilik bewysbaar.

dwergie v. garnaal.

+ **dyn:** (nog in) *die myn(e) en die dyn(e)*, reeds Mnl. subst. gebr. v. d. bes. v.nw. v. d. tweede pers. ekv. *du*, vgl. Eng. *thine* en Hd. *dein*.

dynserig: — *dynsig/dynsterig* — , “dof, nie-helder” (veral v. d. lug); Ndl. *dijnzig/dijzig* (by vRieb *dysigh/dijsich*), dikw. in 17e-eeuse Ndl. (veral in seemt.), hou misk. verb. m. veroud. *deemster*, “duisternis”, Eng. *dim*, Hd. *dämmer(en)* en *finster* en Lat. *tenebrae*, “aandskemering, donkerte”.

E

ẽ v. 'n II.

eblies v. iblies.

edik I: bitter, suur drank; Ndl. *edik* (Mnl. *edic*, deur metat. uit ouer *ecid*), baie vroeg ontl. a. Lat. *acetum*, "asyn", naas *acer*, "skerp", hou verb. m. Afr. *asyn* en *atjar*, m. Eng. *acid* en Hd. *essig*.

edik II: "afgekondigde bevel"; Ndl. *edict*, ou ontl. a. Lat. *edictum*, "proklamasie" (uit verl. dw. *edictus* van ww. *edicere* — *e-* uit *ex-*, "uit", *dicere*, "sê", dus "uitsê, uitvaardig").

ẽ-ẽ v. 'n-'n.

êe: ww. ww. v. *eg/egge*; Ndl. *eggen*, Hd. (via Pd.) *eggen*, hou verb. m. Lat. *occa*, "eg".

eenakter: "toneelst. in een bedryf", ook genoem *eenbedryf*; Ndl. *eenakter*, afl. ss. (vgl. Kem WFA 354).

eenders: — *eners* — , "gelykvormig, soortgelyk"; met byw. *-s* (soos dikw. in Afr. teenoor Ndl. sonder *-s*); Ndl. *eender*, met epent. *d* uit verboë vr. vorm *eenre*, soos in verbg. *eenre hande* (v. ook Scho TWK/NR 7, 1, bl. 37).

eendjiebyter: "toestel v. uitbroei v. eiers", volkset. v. Eng. *incubator*.

eengalig: "eenders, gelykvormig"; Ndl. *egaal* ('n enkele maal met agterv. *-ik* teenoor Afr. *-ig*), ontl. a. Fr. *égal* uit Lat. *egalis*, "gelyk"; in Afr. verdere volkset. in vorm *een gal* (v. Kem WFA 57); *gal* II.

eenkennig v. inkennig.

eenspaaiërig: — *eenspanjerig/inspaaiërig* — , "asosiaal"; dial. Ndl. *eenspanjer(ig)*, m.a.w. "nie bereid om in 'n span saam te trek nie", o.a. Gron. *ainspaanjer*, vgl. ook Hd. *einspänner* en *ein-spännig* (Frank TE 18, en TVV XI 2).

+**eerlik:** "bruikbaar, heel, in orde"; dié bet. by Trig ("als gij het (nl. 'n ketel) weer op teld en reg zit, is hij weer eerlijk") vroeër ook in Ndl., maar blb. nie meer in gebr. nie (vgl. 1Ro T DLT 233-4).

+**efa:** "maat vir droë ware"; via Ndl. *efa* uit Hebr. *ephah*.

+**efendi:** — *effendi* — , "veroud. Tur. eretitel"; Ndl. uit Tur. *efendi* via Ngr. *ephentês*, uit Gr. *authentês*, "hoof".

effe: as b.nw. ook *effen* en *effens*, as bw. *effens* en (dim.) *effentjies*; in byw. ss. egter *vaneffe*; Ndl. (Mnl.) *effen* as b.nw. en bw. (waar by o.a. ook *effentjes* en *teffens*), hou verb. m. Afr. *ewe*, Ndl. *even*, Eng. *even*, Hd. *ehen*.

effendi v. efendi.

+**efod:** “priesterkleed”; via Ndl. *efod* (soos Eng. *ephod*) uit Hebr. *ephod*, naas *aphad*, “aantrek”.

+**efsee:** reeds vroeg in hierdie eeu alg. ben. v. “brandewyn”, maar vroeër v. bes. tipe bek. onder die sg. lettn. in Eng. F(inest) C(olonial); vgl. WAT.

eg I: bep. landbouwerktuig; Ndl. *eg/egge* (Mnl. *egghe/ēghede*, dial. Ndl. *eegd/eid*), Hd. *egge*, hou verb. m. Lat. *occa*, “eg”; hiernaas Afr. ww. *eg/egge/êe* (q.v.).

eg II: “huwelik”; Ndl. *echt* (Mnl. *echt(e)*), eint. gesubst. gebr. v. **eg III**, hou wsk. verb. (via Got. ww. *aigan*, “besit”) m. Got. *aihts*, “besitting”.

eg III: “onvervals, outentiek”; Ndl. *echt* (Mnl. *echt*), Hd. *echt*, redukv. v. Os. *ēhaft*, wsk. verb. m. Hd. *ehe*, “huwelik; wet”; vgl. **eg II**.

ega: “huweliksmaat”; Ndl. *eega(de)* (Mnl. *ee*, “wet; huwelik”, by Kil as veroud. *eegade*), hou verb. m. Hd. *ehe*; vgl. *eggenoot/eggenote*; tweede lid *gade* hou verb. m. Hd. *gatte* en verderop m. Ndl. *te gader*, *vergaderen*, Afr. *vergaar/vergader* en Eng. *gather*, *together*, v. ook **eg II** en **III**.

egaal/egalig v. eengalig.

egge v. êe.

eggo: s.nw. en ww., “weerklink; weerklink”; Ndl. blb. sedert end 16e eeu *echo* (ww. *echoën*), soos Eng. *echo* ontl. a. Lat. *echō*, verb. m. Gr. *ἐχέ|ἐχῶ*, “klank”.

ego: “die ek”, veral in geleerde (bv. sielk.) werke; geleerde ontl. a. Lat. *ego* wat beantw. aan Afr. **ek** (q.v.).

egret v. agretjie.

ei v. eier.

eian: (dial. v.) plant m. bol-/knolvrug (vlgs. WAT *spp. Brachystelma*, fam. *Asclepiadaceae*); hou verb. m. Na. *!eia-s* (Rust) met die uitg. *-n* van die pl. com. (v. Nien HOTT s.v. **veldkos II**).

eie: veroud. ww. *eige*; Ndl. *eigen* (Mnl. *eighen*, eint. dw. v. ww. *eigen/eigenen*, wat o.a. verb. hou m. Got. *aigan*, “besit”, v. **eg** II) en ook verb. m. Hd. *eigen* en Eng. *owe* en *own*.

eier: vorm *ei* in Afr. nog in idiom. uitdr. soos: *vir 'n appel en 'n* —, en in ss. soos *eiwit*, origens *eier* as ekv. (soos *hoender*) uit mv. v. ouer Ndl. *eier* (Nnl. *eieren*), Hd. *ei*, Eng. *egg* (Skand. vorm, vgl. egter *cockney*), verb. m. Lat. *ovum*, “eier”, onseker.

eiervrug v. brinjal.

+eige v. eie.

eigen(t)lik v. eintlik.

eijo: (dial.) uitr. v. byval, vlgs. WAT Hott. *eio*, dan wel verb. m. Na. *eió* (Kroen), *eiö* (Olpp), *eió* (Mein LNS 100), maar herk. v. uitrw. altyd onseker, vgl. o.a. **aits** en **arrie**.

eik: pln. (*spp. Quercus*, fam. *Fagaceae*); Ndl. *eik* (Mnl. *eike/eike*), Hd. *eiche*, Eng. *oak*, wsk. verb. m. Lat. *aesculus*, “bergeik”, Gr. *aigilōps*, “bep. soort eik”; uit *eik* met dim. suf. *-el* ben. v. die vrug, **eikel** (Mnl. *eikel/ekel*); v. verder **akker** II.

eikanna: (dial.) “naam v. 'n medisynebossie” (WAT), nie geïd. nie, vlgs. WAT “wsk. Hott.”, dan misk. = */hei-ganna*, “vaal=ganna” (Na. */hei*, “vaal”, by **aidon** (q.v.), + **ganna** (q.v.)), mntl. te ident. m. *spp. Scelletium* en wel *S. tortuosum*, bek. as *kougoed*, om sy narkotiese uitwerking as pynstillende medisyne gebr.

eina: uitr. v. pyn, ook as ander wds. gebr., verb. m. WAT se uitrw. *ei³* en *ein* + Hd. *na* onwsk., eerder te dink aan Pet A (s.v. *ennà/ijná*) se afl. uit gerekon. Hott. */é* (uitr. v. pyn) + */lná* (uitr. v. verbasing, wel in Na. by Mein LNS 100) of misk. nog eerder aan Na. uitr. */ēi* met nasg. as *-n-* gerealiseer, maar by uitrw. is sekerheid selde bereik- en bewysbaar.

einste: “presies dieselfde”; eint. redukv. v. *eigenste*, sup. v. **eie/eige** (q.v.), vlgs. WAT byv. en byw. gebr., maar vb. v. byw. gebr. nie oortuigend nie.

eintlik: “wesen(t)lik”, ww. v. *eigen(t)lik* (by vRieb reeds *eytelick*); v **eie** en **einste**.

eisteddfod: vroeër meer as vandag vir “kunswedstryd” gebr.; via Eng. uit Wal. *eisteddfod*, “sitting”, verb. m. *eistedd*, “sit”.

ejeka: (dial. v.) “laat staan, hou op, skei uit”; Ngu. ww. (*uku-*)*yeka*, “hou op”, vgl. **tjaila**.

- ek:** pers. vnw., 1ste pers., ekv., gemsl., versw. 'k, emf. *ekke*; Ndl. *ik*, versw. 'k, emf. *ikke* (Mnl. *ic*, emf. *icke*, 17e-eeus *ick*, emf. *icke*, daarby, soos sommige dial., redupv. *ick kick/ekik/kik/kikke*, ens.), Eng. *I* (Oeng. *ic*, On. *ek*, Got. *ik*), Hd. *ich*, Lat. *ego*, Gr. *egō*, Skt. *aham*; in Afr. afl. *ekkerigheid*; v. ook **ego**.
- ekori:** (dial.) “hoed v. Hererovroue”; Her. *ekori*, mv. *omakori*, “hoed” (Mein SH 102 en Seid 120).
- eksie-perfeksie:** “uiters noukeurig”; ged. redupv. soos o.a. **ewwa-trewwa** (q.v.).
- ekskuus:** — (plat) *askuus/askies* — , “pardon, verskoning”, by Trig *exscheus* (1Ro T DLT 235); Ndl. *excuus/ekskuus* (sedert 17e eeu), soos Eng. *excuse* uit Fr. *excuse*, verb. m. ww. *excuser* uit Lat. *excusare* uit *ex-*, “uit” + *cusare*, verb. m. *causa*, “oor=saak; verontskuldiging”.
- eksodus:** “uittog”; na die Bybelboek *Exodus* (via Lat. uit Gr. *exodos*, uit *ex-*, “uit”, + (*h*)*odos*, “pad”).
- ekspres:** — (plat) *aspres/aspris* — , “opsetlik”, “uitdruklik”, by Trig *expres* (vgl. 1Ro T DLT 235); Ndl. *expres* (sedert 17e eeu, so o.a. by vRieb), soos Eng. *express* (ook met ander bet.) uit Fr. *exprès*, “noukeurig, presies”, uit Lat. *expressus*, verb. m. ww. *exprimere*, “uitdruk; modeller”.
- ekstra:** b.nw., bw. en s.nw., “addisioneel, buitengewoon; iets addisioneels”, ens.; in Ndl., Eng. en Fr. almal as redukv. v. ondersk. *extra-ordinair*, *extraordinary* en *extraordinaire*, almal uit Lat. *extraordinarius*, (lett.) “buite die gewone orde”.
- ekstrak:** — *astrak* — , “af- of uittreksel”; Ndl. *extract/extrakt*, soos Eng. *extract* en Fr. *extrait*, uit Lat. *extractum*, ons. vorm v. *extractus*, verl. dw. v. ww. *extrahere* (*ex-*, “uit”, + *trahere*, “trek”).
- elan:** “besielende geesdrif”, neol. “geleerde” ontl. via Ndl. of Eng. of regstreeks uit Fr. *élan* (bv. n.a.v. Bergson se *Élan vital*), hou verb. m. Fr. ww. *élancer* (ouer *eslancer*), “aanstorm”, te ondersk. v. Fr. *élan*, “eland” (v. **eland**).
- eland:** S.A. antilooop (*Taurotragus oryx*, fam. *Bovidae*), so reeds by vRieb *elanden*; die Eur. en Am. soorte (o.a. *Alces alces*, *Cervus elaphus*, *C. megaceros*, almal fam. *Cervidae*); Ndl. *eland* (Lmnl. *elen/elant* (n.a. v. *elantsce* huyt)) via Hd. *elen(d)/elentier* aan Lit. *elnis* ontl.; Fr. *élan* wsk. uit Hd., terwyl Gr. *ellos*, “jong hert”, 'n assv. uit een v. dié tale kan wees; *eland* loop deureen m. wd. wat deur die meeste etim. as verw. beskou word, nl. Eng. *elk*

(Oeng. *eolh*), On. *elgr*, wat blb. verb. hou m. Lat. *alcē(s)*, “hert”, en Gr. *alkê*, “krag”, (later) = Gr. *elaphos*, “hert”; vraag of Lat. en Gr. uit ander Eur. tale of andersom nog nie uitgemaak nie, ook nie of wd. sem. verb. hou m. “horing” (dan verb. gesoek m. *eelt*) of m. kleur “geelbruin” (dan verb. gesoek m. boomn. *els* en *olm*); v. ook Scho PD 13-4.

elandsertjie v. swartstorm.

elemi: “welriekende harss.”; via Ndl. uit Sp. *elemi* (Port. (*gumi*)=*leme*) uit Arab. *lami*, “soort wierook”.

elf I: telw., mv. *-e* of *-s* of *elwe*; Ndl. *elf* (Mnl. *el(le)f/ellevene*), Hd. *elf* (Ohd. *einlif*), Eng. *eleven* (Oeng. *endleofan*), Got. *ainlif*; 1ste lid (nog vol vorm in Ohd. en Got.) hou verb. m. Ndl./Afr. *een*, Hd. *ein* en Eng. *one*; tweede lid enigszins onseker, maar wsk. verb. m. 'n ww. wat bet. “oorbly”, d.w.s. wat na 10 oorbly.

elf II: s.nw., mv. *elwe*, “bonatuurlike wese”; Ndl. *elf* (sedert 18e eeu), uit Hd. *elf* (in 18e eeu) ontln. a. Eng. *elf*, misk. verb. m. Ohd. *alp*, “nagmerrie”, en On. *alfr*, “gees”; verw. hoërop onseker.

elf III: s.nw. *elwe*, “viss.” (*spp. Pomatomus* of *Temnodon*, fam. *Pomatomidae*); Ndl. *elft* (Mnl. *elf(s)t*, dial. ook *alfi*) is *spp. Alosa* of *Clupea*, fam. *Clupeidae*; mntl. verb. m. Lat. *albus*, “wit”, dus “witvis”, kleur in Bul 2 beskrywe as “silweragtig”; v. ook Scho PD 10.

elikser: “metaalveredelingsmiddel; panaseedrank”; Ndl. *elixer/elixir*, Eng., Fr., Hd., Port., Sp. *elixir*, It. *elis(s)ire* gaan almal terug op Ll. *elixir* uit Arab. *el iksir* (*el* naas *al* as lw. + Gr. *xērion*, “droëry”, lett. “gedroogde poeier”, verb. m. Gr. *xēros*, “droog”); v. ook **filloksera**, **xerofiet**.

elite: “(die) aansienlikes”; Ndl. *elite*, soos Eng., uit Fr. *élite*, “keur”, verb. m. Lat. *eligere*, “uitkies” (*e-* uit *ex-*, “uit”, + *legere*, “kies”).

elkedeur: — *elkendeur/elkensdeur* — , “gedurig, telkens”; Scho (TWK 14, 1, p. 11) gee aanh. v. gebr. uit 1861 en verkl. dit as kontamv. v. *elkenkeer* met een v. d. sinon. wd. op *-deur* soos *aljummerdeur*.

elkers: “telkens”, bw. na d. vb. v. *telkens*, gevorm uit *elk* (*een* + suf. *-lik*) met *r* uit *keer* (dus “elke keer”) of misk. soos in (**e**)*ris* (q.v.) uit *elkeris* (lett. “elke reis”, d.w.s. “elke keer”).

ellendenis: “ellende” (WAT), misk. soos *benouenis* en *besorg(e)nis* na d. vb. v. *bekommernis* (vgl. Kem WFA 433).

ellie: “albasterghoen, skietalbaster”; so ’n ghoen vroeër gew. v. ivoor gemaak, en ben. wsk. verb. m. *elpebeen*.

ellieroos: “bep. kinderspel”, gaan met talryke ww. wsk. terug op Eng. *Early Rose*, naam v. spel en wd. daarby uitgeroep.

elmoog: buitenste armkromming by gewrig tussen bo- en voorarm; Ndl. *elleboog*, ouer *ellenboge* (Mnl. *elle(n)boge*), Hd. *ell(en)=bogen*, Eng. *elbow*, hou verb. m. *el*, “onder-/voorarm” + *boog/bogen/bow* ondersk., “draai, boogvormige draai”; in uitdr. *die — lig sien Scho* (TWK 14, 1, p. 11) ’n vert. v. Eng. *lift the elbow*, mntl. beïnv. d. Fr. *lever le coude* in bet. “drink, suip”.

els I: “priem”: Ndl. *els* (Mnl. *elsen(e)*, ook dial. *elsen* naas Nnl., Mnl. en dial. *alsene*), Hd. *ahle*, Eng. *awl*; uit Germ. vorme in Rom. tale o.a. Prov. *alesna*, Sp. (*a*)*lesna*, It. *lesina*, Fr. *alène*, blb. hoofs. Germ.

els II: pln., die Eur. is *spp. Alnus*, fam. *Betulaceae* wat in Ndl. *els* (Mnl. *else*), Hd. *erle*, Eng. *alder* heet en verb. hou m. Ndl. *olm*, Eng. *elm* en Lat. *alnus* en *ulmus*; in Afr. is die *rooi-* en die *wit-els* bek., ondersk. *spp. Cunonia* en *spp. Platylophus*, albei fam. *Cunoniaceae* en dan nog die sg. *klipels*, *spp. Plectronia*, fam. *Rubiaceae* e.a., asook onverw. rankplante (vgl. WAT).

emalje v. enemmel.

embuia v. imbuia.

emir: (Arab.-Tur.) “militêre en waardigheidstitel”; Ndl. *emi(e)r*, “volkse” vorm v. Arab. *amir*, afg. v. *amara*, “beveel”, wu. ook *admiraal*, v. **ambraal**.

emoe: groot Austr. voëls., verw. aan S.A. volstruis (*Dromaeus novae-hollandiae*, fam. *Dromaeidae*); Ndl. *emoe*, Hd. *emu*, Eng. *em(e)u/emew*, Port. *ema* (wsk. uit ’n inboorlingt.).

+**en:** as tweede ontkenningsw., bek. in Mnl., nog by Trig, “dat . . . niet en deugde”; “niet en krijgen” (1Ro T DLT 234).

ene: 1. (gew. voor eien.) — Retief, ook Ndl. *e(e)ne(n)*, d.w.s. “’n sekere”, so by vRieb: “Op dato is overleden eenen Jan Helmus” (24.9.1654); 2. “geheel en al”, bv. “sy hande was ene bloed”, by Trig: “het is eene krans” (1Ro T DLT 233), ook Ndl. (WNT III, ondersk. 3809 en 3807).

enema: inspuiting in d. endelderm; Eng. (1681) *enema*, hou verb. m. Gr. *enema* (ww. *enienai*, “instuur”, uit *en*, “in”, + (*h*)*ienai*, “stuur”); wsk. deur Eng. geneeshere en verpleegsters in gebr. gebring; v. ook **klisma**, **lawement**.

enemmel: s.nw. en ww., uit Eng. *enamel* wat naas Ndl. *emalje* gebr. word, verb. m. Fr. *émail* (ouer *esmal*), Ang.-Fr. ww. (*en*)*amayller* wat via Ll. *smaltum/smeltum*, “gesmelte glas”, teruggevoer word tot ’n Germ. ww. wat tot Ndl./Afr. *smelt(en)* ontw. het.

eners v. eenders.

engeldoring v. arrie II.

enjin: “kragmasjien; lokomotief”; Eng. *engine* uit Fr. (reeds Ofr.) *engin* uit Lat. *ingenium*, “vernuf” (nog in dié bet. i. ouer Ndl. en Mnl. *engien*).

ens: ww., (dial. v.) “hou van”; hou dit misk. verb. m. Ndl. *eigenen* (soos in (*aan*)*eigenen*, (*toe*)*ëigenen*, Mnl. o.a. *egenen*) met suppl. -s soos in *gaps* e.a. ? of met Na.//*ã*, “liefhê, bemin”? Die *ã* in Na. kan soos ’n genas. *ê* klink, d.w.s. soos *ê*.

epietie v. ipietie.

erd- v. aarde en aartappel.

erdslang v. tweekopslang.

erdwolf v. weerwolf II.

êrens: — *ergens* — , bw. (v. plek); Ndl. *ergens*, uit ouer *ergen* + adv. -s, die teenoorgestelde v. *nêrens*, hou verb. m. Hd. *irgend* en *nirgend*, vgl. ook *iewers* en *niewers* (in Ndl. veral in westelike dial.).

erg I: “ongunstig, sleg”; Ndl. *erg* (Mnl. *erch/arch*), Hd. *arg*, verw. buite Germ. onseker; in Afr., soos in Ndl., as b.nw., bw. en s.nw. (bv. *sonder erg*) gebr., vgl. ook **erg II**.

erg II: — *erge/erger* — , o.a. “kwaad word, kwaad maak”, ww. afl. v. **erg I**; Ndl. ken net *ergeren*, afg. v. d. komp. (Mnl. *ergheren/argheren*), Hd. *ärgern*, maar in Mnl. nog *erghen/arghen*.

erg III: “arbeidsceenheid”, intern. wd. uit Gr. *ergon*, “werk”.

ergens v. êrens.

erger v. erg II; ook komp. v. erg I.

ergerlik: Scho (TWK 14, 1, bl. 11) gee aanh. uit 1870 v. gebr. in bet. “boos, kwaad, vererg” en vgl. Hd. *ärgerlich*, omdat Ndl. *ergerlijk* eint. bet. “daarop bereken om ergernis te wek” — mntl. lê dié bet. in ’n Ndl. dial. of kon dit in Afr. (met of sonder Hd. invl.) ontw. het.

eris: — *ris* — , bw. (bv.: hy was (e)ris siek); Ndl. *ereis* uit *ene reize*, “een reis/keer/slag”, v. ook *ris*.

erisipelas v. roos, vel I.

ert- v. aarde en aartappel.

ert: gew. dim. *ertjie*, bek. peulvrug; Ndl. *erwt* (Mnl. o.a. *erwete/a(e)rwe(e)te*, by vRieb *erten*, in Vl. nog *e(e)rwete*), Hd. *erbse*, blb. 'n ss. waarvan eerste lid verb. hou m. Lat. *ervum* of Gr. *orobos* en *erebinthos*, “ert”, en tweede m. Gr. *oidos*, “geswel”, mntl. verw. aan *etter*; v. ook Kloe HGA 116, 121.

ertappel v. aartappel.

ervarenheid: — *ervarentheid* — , vorme op *-entheid* ook in ander wd. en nog nie veroud. nie; Ndl. *ervarenheid* (by vb. in WNT v. *ervarentheid* ook nog vRieb *ervarentheyt*).

erwetic v. oorbietjie.

es I v. esseboom.

es II: “vuurherd”; hou blb. enersyds verb. m. Ndl. *as(ch)* en andersyds m. Ndl. *eest/ese* (Mnl. *e(e)st(e)*), by Kil *ese/est/ast*, in bet. “*ustrina*, wsk. “verwarmingsplek”).

es III: gew. mv. in uitdr.: *esse gooi/maak*, ens., d.w.s. *s*-vormige draaie met kar en perde maak.

escudo: bep. munteenheid; Port. en Sp. ken albei *escudo* as dimv. v. Lat. *scutum*, “skild”, wu. ook Fr. *écu*, “wapenschild” — ben. het blb. soms verb. gehad m. vorm van muntstuk en soms m. beeld v. 'n skild daarop.

esel: “donkie” (*Equus asinus*, fam. *Equidae*) soms verwar m. *mul* (*Equus mulus*, fam. *Equidae*); Ndl. *ezel* (Mnl. *esel*), Hd. *esel*, Eng. (wsk. via Ie.) *ass*, uit Ll. *asellus* uit Lat. *asinus*, hou wsk. verb. m. Gr. *onos*, verw. hoërop onseker.

essa(a)i v. essay.

essay: “bep. lettk. genre”; via Eng. *essay* uit Fr. *essai*, (eint.) “probeerslag”, in Afr. i.v.m. metaaltoetse ook nog in vorme *essa(a)i/-eer/-eur* — Fr. *essai* hou verb. m. Lat. *exigere* (uit *ex-*, “uit”, + *igere* uit *agere*, “aan die gang sit, dryf”) in bet. “weeg, uitdryf, toets”.

esse v. es III.

esseboom: — *esse(n)hout* — , versk. bome, ens. (*Ekebergia capensis*, *E. meyeri* en *Trichilia emetica*, almal fam. *Meliaceae*); Ndl. *es(ch)* (Mnl. *esce*), Hd. *esche*, Eng. *ash*, hou wsk. verb. m. Lat. *ornus*, “berges”, en m. Gr. *oxué*, “beuk”, maar die Eur. *es* hoort tuis by *spp. Fraxinus*, fam. *Oleaceae* wo. die S.A. *ysterhout* ressorteer; v. ook Scho PD 16.

essens: aftreksel, ekstrak; geur- en/of smaakstof; Ndl. *essence/essens* (WNT III 4239 skei hulle nie v. *essentie* nie, terwyl hulle in Afr. doeb. is), v. **essensie**.

essensie: die fundamentele/wesentlike of kern v. iets; Ndl. *essentie* uit Lat. *essentia*, wu. Fr. *essence* wu. Ndl. en Afr. *essens*, v. **essens**. Wat Ndl./Afr. betref, is *essens* blb. via Fr. aan Lat. ontln., terwyl *essentie* en *essensie* direk aan Lat. ontln. is.

etemago(I) v. **ietermago**.

etse: — *etsê/hetsê/etlike* wv. by WAT met en sonder anl. *h-* — , uitr. by begroting; Hott. *etse* (ouer *atse*) is redukv. v. *s-atse*, “jy”, terwyl *a-/e-/ê-* vooraan beantw. a. *he*, “hier”, sodat ss. = *he-tse*, “hier jy (luister nou)”, ook in Boes. begin ’n sin met *tsi* (v. Nien HOTT s.v. **begroting** I en **goeiemore**); v. ook **hetse**.

ettemago(u) v. **ietermago**.

eunug: “ontmante harembewaker; kamerling”; via. Ndl. of Eng. *eunuch*, via Lat. *eunuchus* uit Gr. *eunouchos*, “kamerbediende” (uit *eunê*, “bed” + *ouchos*, wat verb. hou m. ww. *exein*, “hou, onder sorg hê”).

Eurafrikaan: behalwe in antropol. e.d. werke nie in Afr. gebr. in bet. 1. by WAT nie, wel gebr. in bet. 2., nl. “iemand gebore uit ’n Europeër (blanke) en ’n inboorling v. Afrika (nie-blanke)”, in die eerste plek toeg. op Kleurling en in die tweede soms op Naturel (van gemengde bloed), maar nie op Asiaat nie, v. **Eurasiaat**.

Eurasiaat: in gew. Afr. gebr. “iemand gebore uit ’n Europeër (blanke) en ’n Asiaat (veral Indiër)”; v. **Eurafrikaan**.

euwel: s.nw., kwaad, ondeug, onheil; b.nw. en bw., kwaad, sleg, verkeerd; Ndl. *euvel* (Mnl. *o(e)vel/ewel*), Hd. *übel*, Eng. *evil*, Got. *ubils*, “sleg”, hoof. Germ. en mntl. verb. m. Ndl. *wrevel*, Afr. *wrewel*.

ewe v. **effe**.

ewig: “altyd, eindeloos”; Ndl. *eeuwig* (uit *eeuw* + *-ig*, Mnl. ook *ewe*), hou verb. m. Lat. *aevum/aetas* en Gr. *aiōn*, “geslag; leeftyd; tydperk; eindeloosheid”, vgl. Eng. *eternal, eternity* en Hd. *ewig= (keit)*.

ewwa-trewwa: “orgidees.” (*Satyrium coriifolium*, fam. *Orchidaceae*); Mar spel *ewa-trewa* en meld dat dit by Hermanus *ouma-trewa* heet, maar bevraagteken herk. v. d. ben.; WAT sê dis kn. (vgl. **tjenkerientjee**) en Malh DF AS 333 vermeld *ou trewwa*, “sukkelaar” en skryf ben. aan “klankbeeld” toe, terwyl vWiel (197) verklar. dat by Swellendam *trêwer (trêwa)* gehoor word (vgl. Pet A se *trevers/travers*); na vorm ’n ged. redupv. soos *eksie-perfeksie*; v. verder **trewwa**.

F

faal: “in gebreke bly, te kort skiet”; Ndl. *falen* (Mnl. *falen/faelgen/falien*, naas jonger *feilen*, “gebrek hê, ontbreek”), nog in Nnl. (sedert Kil), vgl. *feil*, “fout, gebrek”, en *feilbaar*; hou, soos Eng. *fail* en Hd. *fehl, fehlen* en *fehler*, verb. m. Ofr. *faillir/falir* uit Lat *fallere*, “bedrieg, in die steek laat”, v. ook **faliekant** en **feil I**.

faam: “gerug; reputasie”; Ndl. *faam* (Mnl. *fame*), mntl. via Ofr. *fame* uit Lat. *fama*, “gerug”; v. ook **infaam**.

+ **fahfee:** “soort loteryspel”, wsk. uit Sj. *fah-fee* (WAT).

faïence: “soort erdewerk”; kan via Ndl., Eng. of Fr. gekom het en hou verb. m. naam v. d. It. stad Faenza waar sulke erdewerk sedert die Middeleeue vervaardig is.

+ **faikonta:** — *faikontig/fakonta/fankonta/fekontig/fekamtig* (lg. wsk. beïnv. d. *kamtig*, v. **kamma**) — , “kamma, kwansuis”, wsk. via Mal.-Port. *fa(i)konta* uit Port. *fazia conta*, “om so te reken/sê” (Frank TB 120).

faision v. **fayson**.

fakir: “soort bedelmonnik”; Ndl. *faki(e)r*, Eng. en Hd. *fakir*, Fr. *fakir/faquir*, It. *fachiro* gaan terug op Arab. *faqir/fakir*, “arm (man)”.

fakonta v. **faikonta**.

+ **faktoer:** “handelsagent, saakgelastigde, verteenwoordiger”; Ndl. *factoor/faktoer* (blb. sedert 17e eeu, vRieb het *factoor*, maar Kil *facteur*), vroeër nie altyd v. *faktor* ondersk. nie, albei vorme gaan terug op Lat. *factor*, v. **faktor** en vgl. *pastoor* naas *pastor*.

faktor: “bestanddeel; meewerkende invloed/oorsaak”; Ndl. *factor*/*faktor*, Hd. *faktor*, Eng. *factor*, maar Fr. *facteur*, gaan almal terug op Lat. *factor*, wat verb. hou m. die ww. *facere*, “doen, maak”.

falangis: eers lid v. d. Sp. organisasie *Falange Española* (1933), later elkeen m. dgl. opvatting; hou verb. m. *falanks* uit Lat.-Gr. *phalanx*, “slagorde”.

+**faliekant:** “verkeerd”; “bedrog/valsheid”; reeds Lmnl. en by Kil as s.nw. in bet. “nie-regte hoek”, in bet. “bedrog” soms nog in regstaal; Ndl. *faliekant*, verb. m. *falie* en *faal* (q.v.).

Fanagalo: — *Fanakalo* — , “n mengt. uit Zu., Eng. en Afr. i. d. omgang m. naturellearbeiders gebr.; afg. v. Ngu. *fana*, “lyk/maak so(os)”, + *ka*, “van” (bes.) + *lo*, “hierdie”, ong. = “doen dit so as (soos) wat ek jou wys”.

fanja(a)n v. oemfaan.

fankonta v. faikonta.

fantan: “soort dobbelspel m. munte, ens.; soort kaartspel”; hou wsk. verb. m. Sj. *fan-tan-kun*, “doppelhuis” (Web).

+**farina:** “meel”; Port. *farinha*, “meel”, hou verb. m. Lat. *far*, “koring”, en *farina*, (dim.) “gemaalde koring, meel”.

faro I: weinig bek. “biers.”; in Eng. vroeër bek. as *old/stout* Pharaoh (Web).

faro II: “soort dobbelkaartspel”, so genoem n.a.v. afb. v. Farao op een v. d. kaarte.

faro III v. varing.

fascis: eers lid v. d. It. Fascisteparty, later elkeen m. dgl. opvatting; hou verb. m. Ndl. *fasceel* (nou *fasseel*) uit Fr. *faisceau* (ouer *faiscel*), It. *fascismo* uit *fascio*, “bondel/groep”, uit Lat. *fascis* (mv. *fascēs*), “bondel latte met byl as teken van gesag”.

fasie: (gew. skerts.) “bakkies, gesig”; Ndl. *facie*, verb. m. Fr. (wu. ook Eng.) *face*, uit Ll. *facia* uit Lat. *facies*, “voorkoms; gesig”.

fat: “modegek”; Ndl. *fat* (nog nie by Kil nie) via Fr. *fat* uit Lat. *fatuus*, “dom, simpel, verspot”.

?+**fayson:** — *faision/feysoin* — , “voëln.” (uit ou reisverh.), tans onbek. naam v. d. *seeduif* (d. Scho PD 4, met d. *Daption capensis* geïd.), maar Frank (TB 126) se afl. v. Port. *feijão*, mv. *feijoes*, “gespikkelde boontjies.”, lewer fonet. en sem. besware op.

fee: “goedgesinde vr. gees” (in sprokies); Ndl. *fee* (Mnl. *feie* uit Ofr. *feie*), soos Hd. *fee* en Eng. *fay*, na Mnl. uit Fr. *fée*, uit Ll. *fata*, “noodlotsgodin”, mntl. verb. m. Lat. *fatua*, “profetes” (eint. “iemand wat in ’n verdwaasde toestand gesigte sien”).

feërie: “feëwêreld” (s.nw.); “feëwêreldagtig” (byv. afl.); Ndl. *feërie* en *feëriek*, blb. nuwe ontln. aan Fr. *féerie* en *féerique*, wat, soos Eng. *fairy*, verb. hou m. Ofr. *faerie* en *faierie* en ten slotte m. **fee** (q.v.).

feil I v. faal.

feil II: “opveedoek” (soos in ss. *feillap*, s.nw.) en “opvee” (ww.); Ndl. *feil* en *feilen*, hou blb. verb. m. Ndl. *vegen* en Afr. *vee(g)*; v. ook **dweil**.

feit: “gegewe, werklikheid”; Ndl. *feit* (Mnl. *fait*/*feit*/*feet*), soos Eng. *fact*, uit Fr. *fait* uit Lat. *factum*, ons. vorm v. *factus*, verl. dw. v. ww. *facere*, “doen, maak”.

fekantig/fekontig v. faikonta.

fel: heftig, kragtig, sterk; Ndl. *fel* (Mnl. *fel*, “driftig, erg, gevaarlik, wreed”), soos Eng. *fell*, uit Ofr. *fel*, “vreeslik, wreed”, wsk. verb. m. Eng. *felon(y)*, maar nog heelwat i.s. herk. onseker.

+ **feler:** “fout”; Du. vorm (Hd. *fehler*) by Wik (vgl. Frank TB 152); v. ook **faal**.

fella: — (ouer ook) *fellah* — , “Arab. klein(landbou)boer”; Ndl. *fellah*, so ook Eng. en Fr., Hd. *fella(c)h*, uit Arab. *fallah*, “boer, ploëer”, verb. m. ww. *falaha*, “klief, verdeel” (bv. m. d. ploeg).

feloek: tipe “ligte skippie, bootjie”; Ndl. (eers Nnl.) *feloek*, Eng. *felucca*, Fr. *felouque*, Hd. *feluke*, It. *feluca/filucca*, Port. *salua*, Sp. *saluca/haloque*, vlgs. Lok verb. m. Arab. *harraka*, maar vlgs. FvWvH m. versk. Arab. wd., meer bep. m. *fulûka* uit Gr. *epholkion*, “bootjie wat agter skip gesleep word”.

ferie: S.A. studt. v. “nôientjie”; wsk. uit Eng. *fairy*; v. **fee** en **feërie**.

fermoor(beitel): bep. soort beitel; Ndl. *fer-/formoor*, wsk. soos Eng. *fir-/former* uit Fr. *fermoir* (ouer *formoir*) en verb. m. ww. *former*, “vorm gee aan”.

+ **fernambuk(hout):** — *pernambuk(hout)* — , genoem na Fernambuco/(tans) Pernambuco in Brasilië wat dié houts. in die handel gebring het, v. **pernambuk(hout)**.

ferplie: “eerlik” (b.nw. en bw.); Eng. *fairplay*.

ferweel: “soort katoenfabrikaat”, doeb. v. **fluweel** (q.v.); Ndl. *fluweel* (Mnl. *velueel*) uit Ofr. *veluel* (Fr. *velours*) uit Lat. *villus*, “wollerige hare”; v. ook **corduroy**.

fes: — *fez* —, “hoofbedekking v. Kaapse Maleiers”, genoem na die stad Fes/Fez in Marokko (Arab. *Fās*).

fetisj: “voorwerp v. verering”; Ndl. *fetisch/fetish/fetisj*, ontl. via Fr. *fétiche*, Eng. *fetish* of Hd. *fetisch* a. Port. *feitiço* (ouer *fetis=so*) uit Lat. *factitius*, “kunsmatig”.

feyson v. fayson.

fideikommis v. filekommis.

fiela: — *fieta* —, (dial. v.) “agteraf, slordige pers.”; of vorme m. inl. *-l-* en *-t-* ww. is en of e.g. verb. hou m. Ngu. *i(li)-vila*, “sluggard, loafer” (Doke-Vil) onseker; Lou S AT het egter *flen=terfiela*, *vuilfiela* en *fieta* vir sodanige pers.; andersyds ken OFri. *filú*, “gemeiner Mensch” (tDK).

femies: gew. in: *vol* —, minder welvoeglik “vol stront”; wsk. al in Europa onder medici en/of hulle studente in gebr. gekom uit Lat. *fimur*, “ekskreta” (vgl. gebr. v. *kakka* uit Lat. *cacare* ter eufem. vervanging v. *schijten*), so blb. ook in Du. studd.; verb. m. Ndl. *femelen* (Mnl. *fi(e)melen*) kan sem. nog bevredig, maar fonet. nie, en kontamv. v. (*ge*)*femel* en Eng. *whims* (Malh DF AS) nog minder.

fier: “fraai; hooghartig, trots”; Ndl. *fier* (Mnl. *fier*) uit Fr. *fier* uit Lat. *ferus*, “wild”; hou verb. m. Eng. *fierce*.

fieta v. fiela.

fieterjasies: — 20-tal ww. by WAT —, geeneen gee duidelike lei-draad nie; bet. “tierlantyntjies, versiersels” laat eerder aan sem. as aan fonet. verb. dink met o.a. Ndl. *viezevazen*, “bykomstig=hede”, *fierlefiet*, “vertoon”, *fi(e)r)tel/fierter*, “vertoon”; dial. Ndl. o.a. Za. *fieter*, “swierig” en Se. *fiestertje*, “klein voor=werp”; kontamv. m. Ndl. *variatie* nie heeltemal uit te sluit nie.

fietpatoa v. fipatoi.

fiets: “rywiël”, (vroeeër ook) *ysterperd* en (skerts.) *baiesukkel*; Ndl. *fiets*; etlike afl. voorgestel, o.a. 1. kn.; 2. eien. (Ndl. *Viets* en Eng. *Fitz*) en 3. dial. Ndl. *vielesepee* uit Fr. *vélocipède* uit Lat. *velox*, “snel”, en *pes* (gen. *pedis*), “voet” — die WFa. *flitszepee* by dVri J NEW kan ’n volkset. vorm hiervan wees.

fiks: “liggaamlik geskik”; Ndl. *fiks(ch)* (Lmnl. en by Kil *fix*, by vRieb *fixx*), soos Hd. *fix*, uit Fr. *fixe* uit Lat. *fixus*, “stewig, vas”.

filander: s.nw. en b.nw., “vryer(ig)”; wsk. via Eng. *philander* en *philanderer* uit Gr. *philandros* (*philein*, “beminn”, + *anêr* (gen. *andros*), “man”).

filekommis: — *fideikommis* —, “erfstelling oor die hand” (regstern); uit Lat. *fideicommissum* (*fides*, “trust”, + *commissum*, “toevertrouing”).

filekondem: — *filekondêm/fieliekondem* —, (ong. =) “waardeeloos”, mntl. ’n ironiese verv. v. *filekommis*, misk. n.a.v. ’n erfplating deur ’n filekommis belas.

filippien: — *flippyn* —, “soort pandspel”; Ndl. *filippien*, soos Eng. *philippine/philippina/philopoena* uit Fr. *philippine* uit Hd. *philippchen* uit *vielliebchen*, “veelbemindetjie”, d.w.s. ’n aandenkning en pand aan die beminde.

filister: “platburgerlike pers.; in Ndl. word so iemand ’n *filistijn* genoem (WAT), in Hd. *philister*, veral studt. wat geringskattend toeg. word op almal nie aan ’n universiteit verbonde nie, en deur ander tale, bv. Eng. *philister*, oorgeneem.

filoksera: “druifluis (*spp. Phylloxera*, fam. *Aphididae*); wingerdsiekte”; wsk. via Eng. *phylloxera* uit Gr. *phullon*, “blaar” + *xêros*, “droog”, vgl. *xerofiet*.

film: uit Ndl. en/of Eng. *film*, “lagie, vlies”; hou verb. m. Ndl./Afr. *vel*, Eng. *fell* en m. Lat. *pellis*, Gr. *pella*, “vel”, v. *vel* I.

Fingo: lid v. dié stam; Xh. *i-mfengu*, “tuislose rondloper” (mv. *ama-mfengu*, van ww. *uku-mfenguza*, “rondloop om ’n woonplek te soek”).

fool: bep. soort fles (gew. m. lang nek); Ndl. *fool* (Mnl. *fole*), soos Eng. *vial*, “medisynefles”, via Fr. *fole* uit Ll. *fiola* uit Lat. *phiala*, uit Gr. *phialê*, “drinkbak”.

+ **fiptoi:** — *fiptoa/fiptooi/fietptoa* —, “verwensing” (bv. by albasterspel); wsk. uit Fr. (v. d. Hugenote) *fi-pour-toi*, (lett.) “sies vir jou”.

fisant: die S.A. voëls. is eint. ’n soort patrys (*Francolinus capensis*), maar sy skreeu klink soos dié v. d. Eur. fisant (fam. *Phasianidae*); Ndl. *fazant* (Mnl. *fa(i)saen/faisant*, by vRieb *pha(i)santen/fas(s)anten*), soos Hd. *fasan* en Eng. *pheasant*, uit Fr. *faisan* uit Lat. *phasianus*, Gr. *phasianos*, (lett.) “van die gebied om Phasis” (a. d. Swart See); v. ook Scho PD 11.

fiskaal: regsbeampte, veral i.v.m. die skatkis, later ook t.o.v. die alg. belange v. d. gemeenskap (vgl. *waterfiskaal*); Ndl. *fiscaal/fiskaal* (sedert 16e eeu, by vRieb *fiscael*) uit Lat. *fiscalis*, adj. by *fiscus*, “beurs”; in S.A. ook toeg. op voëls. (*spp. Lanius*, fam. *Laniidae*) sedert 18e eeu, wsk. vanweë sy insamelingswerk (hy vergaar voëltjies en goggas vir later voedselvoorrade), ook bek. as *jan-fiskaal* en *laksman*; v. verder Scho PD 61, asook **kanariebyter**.

fjord: veral Skand. “seearm”; via Ndl. *fjord* of Eng. *fiord/fjord* uit De.-N. *fjord*, hou verb. m. Eng. *firth/frith*.

flamink: — *folmink* —, voëls. (fam. *Phoenicopteridae*); Ndl. *flamingo* (nog nie by Kil nie), wsk. uit Port. *Flamengo*, “Vlaming”/ *flamengo*, “gevlamd”/ *flamingo*, “voëln.”, ook Sp. *flamenco*; WNT wys op verb. m. *Vlaming*, NED op verb. m. *gevlamd* en Verc op *Vlaamse* eilande, d.w.s. die Asore; vgl. ook Scho PD 4.

flanel/flanelet v. **flennie**.

flard: gew. in mv., “afgeskeurde lap, papier, strook” (bv. v. wolk); Ndl. *flard* (nog nie by Kil nie), Pd. *flarde*, verw. blb. beperk tot Ned.-Fri.; by vRieb *aan flerden* en *aen flersen* (ondersk. 30 Okt. en 30 Des. 1652).

flat: — *flet* —, “woonstel”; gebr. o.a. deur Smi (OT 64, 76, 244) weens kortheid bepleit en deur ander, omdat dit uit On. *flatr*, “plat”, sou stam, maar gebr. v. *woonstel* skyn toe te neem.

flegma(ties) v. **fleim**.

fleim: — *fluim* —, “slym”; Ndl. *fluim* (Mnl. *flume*), soos Eng. *phlegm*, via Fr. *flume* uit Lat.-Gr. *phlegma* wu. later weer opnuut “geleerde” wd. *flegma* ontl. is.

flennie: tekstielstof met wolbestanddeel (Wolw.); ou Afr. ontl. aan Eng. *flannel* (by Trig *flinnij*), vgl. ook ss. m. *flennie* as eerste en as tweede lid (by WAT); 50 jaar gelede was *flanel* in Afr. weinig bek. en is net *flennie* en *flennelet* gehoor; Ndl. *flanel* (s.nw.) en *flanellen* (b.nw.) blb. nie oud nie en via Fr. *flanelle* uit Eng. *flannel* uit Wal. *gwalanen* (b.nw.) v. *gwalan*, “wol”; verb. m. Fr. *laine* en Lat. *lana* onseker; vgl. Scho TWK/NR 7, 1, bl. 37.

flenter: s.nw., b.nw. en bw., gew. m. ausl. -s (mv. of adv.), “stukkie; onbeduidende hoeveelheid; stukkend”; Ndl. *flenter* (nog nie by Kil nie); vgl. Fri. *flanter/flinter*, “reep”, WVI. *vlender*, “flard” en Eng. *flinder*, “brokkie”; enigsins soos **flard** (q.v.) hoofs. beperk tot Ndl.-Ned.-Fri. wu. wsk. ook Skand. ontl.; reeks ss. by WAT wo. *flenterkatiera*, “sukkelaar”, ook by Lou S AT as sinon. v. reeks; i.s. funk. v. Kem WFA 51.

flentoings: wsk. kontamv. v. *flenters* en *toiings* (WAT), alleen dial.

flerrie: “vryerige pers. (veral meisie)”; Ndl. (en dial. Ndl.) *fla(a)rs/ fle(e)r(s)* hou misk. verb. m. Ndl./Afr. ww. *fladder(en)* en m. Eng. s.nw. en ww. *flirt*; v. ook **flerts** II.

flerts I: uitrw., wsk. kn., v. **blerts** en **wlerts**.

flerts II: 1. (nie alg. bek. nie) by WAT in bet. wat aansl. by **flerrie** (q.v.); 2. “klap, oorveeg” (Scho TWK 14, 1, bl. 12 met aanh. uit 1874) ook Ndl. (en dial.) *fleer(s)/fler* en wsk. verb. m. **flerts** I en ook kn.

flet v. **flat**.

fliëk: “bioskoop” (s.nw.) en “bioskoop besoek” (ww.), v. ook **blêrfliëk**; wsk. d. Austr. soldate ingevoer wat rolprente “the *flickers*” genoem het (WAT) — Eng. *flicker* hou verb. m. Ndl./Afr. ww. *flikker(en)*, Afr. (s.nw. en gew. mv.) *flikkers*.

flikflooi: “vlei; soebat”; Ndl. *flikflooiën*, misk. uit *flikken* (reeds by Kil in bet. “verstel, ’n lap opsit”, reeds by vRieb “soubaster ofte *flickfloyster*”) en dial. Ndl. *flaaiën/floien*, “vlei” (by Mole), OFri. (Ned. of Pd.) *flik-flôjen* (tDK) òf tout. sk. òf sg. rekv. en, hoewel betwyfel, misk. verb. m. Ndl./Afr. *vlei(en)* en Hd. *flehen*; v. dgl. vorme by Kem WFA 211.

flikker: gew. mv., beweging om aandag te trek; Ndl. *flikker*, v. **fliëk**.

fliksem: dial. en eufem. vorm v. **bliksem** (q.v. en WAT).

flinnie v. **flennie**.

flirt v. **flerrie** en **flerts** II.

floks: dikw. dim. *floksie*, pln. (*spp. Phlox*, fam. *Polemoniaceae*); via Ndl. *flox/floks* of Eng. *phlox* uit Gr. *phlox*, “vlam”, verb. m. *phlegein*, “brand”.

floryn: met invoering van desimale stelsel in S.A. neol. ben. v. d. 20-sentstuk; in Nederland ben. v. d. gulde (vgl. afk. daarvoor) en ook in ander lande in betrokke taalvorme; hist. ’n goue muntstuk in die 13e eeu in Florence geslaan.

flou: in bet. “doodmoeg, uitgeput” nie in WNT nie, wel by vRieb en tydgenote *flaeuw/flaww* (Scho TWK/NR 7, 1, bl. 37): Ndl.

flauw (Mnl. *fla(e)u/vlau* ken egter, behalwe bet. “slap, swak”, ook “vermoeid”, sodat Afr. bet. uit (dial.) Ndl. oorgeërf kan wees); verb. m. Lat. *flavus*, “bleek”, fonet. en sem. onseker.

fous: “kul” (ww., as s.nw. minder bek.); Ndl. *fous/flaus* (s.nw.) uit Hd. *flause*, “uitvlug” en ww. *flausen*, “uitvlugte maak” (ontw. v. bet. te vgl. m. Afr. “wolhaarpraatjie”) blb. eers sedert 18e eeu in Hd. en ww. nie in Ndl. nie, wel in dial., in Afr. reeds by Wik en aanh. by Scho TWK 14, 1, bl. 12 uit 1834, 1845–6 en 1863.

fluim v. **fleim**.

fluit: 1. “blaasinstrument”; 2. “bep. soort skippie” (sedert 17e eeu, by vRieb *fluyt(jen)*, later beter bek. as *fluitschip*); Ndl. *fluit* (Mnl. *flute/fleute/floite*) hou, soos Hd. *flöte* en Eng. *flute*, verb. m. Fr. *flûte* (Ofr. *flaüte/fleüte*) in albei bet. en gaan misk. terug op Lat. *flatus*, “opgeblaas”; ook die Afr. ww. gebr. v. *fluit* in bet. “urineer”, is in Ndl. bek. en word in verb. gebring m. Ndl. *fluit*, “*penis*”, maar misk. kan ook gedink word aan Ndl. ww. *fluiten*, “jou verwyder” (vgl. *agtertoe gaan; gaan jakkals skiet*).

fluks: “flink, ywerig”; Ndl. *fluks(ch)* (Mnl. *vloghes/vloechs/vluchs*, verboë vorme v. *vloghe*, by Kil *flughs* en *vlughs*), Hd. *flugs*; Ndl. en Mnl. vorme loop deureen m. dié v. Mnl. *vlucht(e)s*, “dadelik, spoedig”.

flus: bw. (gew. i.v.m. die verlede), “nou net”, (maar soms ook i.v.m. die toekoms), “aanstons, oor ’n rukkjie”; dikw. in vorm *fussies*; in ouer Nnl. *flus(jes)*, dial. *flcus*, ’n ww. v. *fluks*, in Afr. ’n doeb. v. **fluks** (q.v.).

fluweel v. **ferweel**.

foelie: 1. “amalgam v. spieëlrug”; 2. “spesery uit skil van neut-muskaatboom” (*spp. Myristica*, fam. *Myristicaceae*); Ndl. *foelie* (Mnl. *foelie/foelge*, in albei bet., in tweede bet. by vRieb *foeli/foely*/(hiperk.) *foelje*) via Ofr. *fueille* of regstreeks uit Lat. *folium*, “blad”; v. ook **kanferfoelie**.

foesel: “onsuiwer alkohol”; Ndl. *foezel* (eers 18e eeu) uit Du. (Hd. of Pd.) *fusel*, verb. m. Lat. *fusile/fusilis*, “vloeibaar”, onseker.

foeter: 1. “lastig wees, lol, peuter”; 2. “slae gee, slaan”; Ndl. *foeteren* uit Fr. uitr. v. verwensing *foutre* (eint. = ww. *foutre*, “beslaap”) uit Lat. *futuere*, “koïtus hê”. Frank TB 86, No. 5, meen dat WNT se *foeteren* II met *foeteren* I vereenselwig moet word in bet. hierbo van “beslaap” (soos ouer bet. v. *neuk*) en dat dit verb. hou m. **maifoedie** (q.v.).

fokkie: — *fokkies* — , “polisie, speurder(s)”, in die taal v. d. Bantoe (*ama-fokkies*, na bewering afg. v. d. naam v. ene Fox, ’n streng speurder/polisieman (vgl. WAT).

foksia: — *foksie/fuchsia* — , die uitheemse is *spp. Fuchsia*, fam. *Onagraceae*; die inheemse (wilde) is *spp. Halleria*, fam. *Scrophulariaceae*; via Ndl. *foksia/fuchsia* of Eng. *fuchsia* na die naam v. d. 16e-eeuse Du. plantk., L. Fuchs.

+**foksswans:** “effens sekelvormige sagie vir snoeiwerk” (nie in WAT nie); Hd. *fuchsschwanz*, (lett.) “jakkalsstert”; dié soort saag nog in gebr., maar naam veroud., tans bek. as *boomsaag/snoeisaag*.

foksterriër: klein hondes.; Eng. *fox-terrier* (*fox*, “vos, jakkals”, + *terrier* = Fr. (*chien*) *terrier* uit *terre* uit Lat. *terra*, “aarde”, wsk. n.a.v. die feit dat die hondjie in die aarde moet kruip om die vosse/jakkalse by te kom).

folmink v. flamink.

fonds: “geldsom, kapitaal; stigting”; Ndl. (eers Nnl.) *fonds* uit Fr. *fonds*, “bodem, grond; kapitaal”, uit Lat. *fundus*, “bodem, grond”.

fonk: — *fonks* — , “stoot” (by albasterspel); Frank (TE 15) se Vl. *fo(e)mpe*n (uit dCo-Tei), ook by Schue in bet. “stoot m. vuis of horings”, nog duideliker by Cor-Ver: “Opnieuw schieten, gij hèt gefompt!”; oorg. v. *mp* na *nk* mntl. onder invl. v. Eng. (veral skoolt.) *funk*.

fooi: s.nw. en ww. (WAT noem net s.nw.), “afskeidsgeskenk v. bewese kleiner dienste” (beantw. aan Eng. bet. v. “tip”); Ndl. *fooi* (Mnl. *foy(e)/voy(e)*, by vRieb *foy*) uit Fr. *voie* uit Lat. *via*, “pad, weg” (d.w.s. iets vir die pad); in Afr. dikw. ’n Angme. in bet. v. Eng. *fee*, wat wsk. verb. hou m. Fr. *fé/fief/fiu* uit Lat. *feodum/feudum*, “eiendom”, en mntl. m. Ndl. *vee*, Hd. *vieh* en Lat. *pecus* en *pecunia*, “vee; eiendom, geld”.

fors: b.nw. en bw., “kragtig, sterk”; Ndl. *fors(ch)* (Mnl. *fortse*, “geweld, krag”, by Kil *forts*, *fortsigh*, “geweldig”) via Fr. *force* uit Lat. *fortia*, ons. mv. v. *fortis*, “sterk”.

fort: “vesting, kasteel”; Ndl. *fort* (sedert Kil, by vRieb *fort*, v. Kloe HGA 317) uit Fr. *fort*, “sterkte” (as gesubst. adj. *fort*, “sterk”, vgl. **fors**; daarnaas van Mnl. tot 19e eeu *fortresse* uit Fr. *forteresse*).

foto: “portret”; Ndl. *photo/foto*, eint. afk. v. *fotografie* en gebr. vir die “beeld” daardeur verkry, want die pers., d.w.s. afnemer, heet *fotograaf*, en sy werk *fotografie*; die afk. wsk. uit Eng. (waar dit omstreeks 1870 so gebr. is); die wd. berus op Gr. *photos*, “lig”, waarvan *photo-* by wdv. funksioneer.

fout: “afwyking, gebrek, mistasting, oortreding, vergissing”; Ndl. *fout* (Mnl. *fau(l)te*, by vRieb *faulten*), soos Eng. *fault*, uit Ofr. *fau(l)te* (Fr. *faute*) uit Ll. *fall(i)ta* uit Lat. *fall(i)tus*, “verkeerd”, hou verb. m. Lat. *fallere*, “in die steek laat”; v. **faal** en **feil** I.

fraai: “mooi”; Ndl. *fraai* (Mnl. *fra(e)y/vra(e)y*), “fink, mooi, opreg, waar” uit Fr. *vrai*, “waar”, via Ll. uit Lat. *verus*, “waar”, hou verb. m. Eng. *very*.

fraiing: — (lae frekw.) *franje* — , vgl. *baing* as ww. v. *banje* s.v. **baie**, “bykomstigheid; versiering”; Ndl. *franje* (Mnl. *fraenge/fringe*) uit Fr. *frange* (ouer *fringe*) uit Ll. *frimbia* uit Lat. *fimbria*, “end, rand”; hou verb. m. Eng. *fringe*.

framboos: naam v. plant en vrug (*spp. Rubus*, fam. *Rosaceae*); Ndl. (eers Nnl.) *framboos* uit Fr. *framboise* òf uit *fraga ambrosia*, “geurige aarbei”, òf uit Ndl. of Ned. *bram-bes(i)e* — Kil se *frambesie* is na anal. v. *brambesie* gevorm.

frangipani: “blom en struik” (*spp. Plumiera*, fam. *Apocynaceae*); wsk. via Eng. *frangipani* en Fr. *frangipane/frangipani* (naas *frangipanier* v. Am. jasmynboom) uit It. naam v. d. Markies Frangipane/Frangipani, wat ’n parfuum gemaak het wat sy naam gekry het wat toe weer op die blom en plant oorgedra is.

franje v. **fraiing**.

frank I: Fr., Belg. en Swits. geldeenheid; Ndl. *franc/frank*, Eng. *franc* hou verb. m. die volksn. Franke en meer bep. m. die Lat. opskrif op die muntstukke: *Franconum rex*, “koning v. d. Franke”.

frank II: gew. in: — *en vry*; in Ndl. vroeër andersom: *vrij en* — ; Ndl. *frank* (al by vLin) uit Ofr. *franc* uit Ll. *Francus*, “’n Frank”, d.w.s. ’n “vrye, vryman”; hou verb. m. Eng. *frank*.

fransmadam: bep. viss. (*spp. Boopsoidea*, fam. *Sparidae*, by Gil 219 genoem *Chrysophrys holubi*, en 228, *Pagrus holubi*); na meer as ’n kwart eeu kan Barn nog geen ander verkl. as Gil bied nie, nl. dat die naamgewer(s) wsk. ooreenkoms tussen die donkerkleurige vis met sy donkerbruin/swart oë (soms genoem *groot-*, *kraal-* of *kraalgrootogie* (*karelgrootogie*), *jakopewer*, *peuloog*, *potgieter*) gesien het; maar vgl. ook die verkl. wat Frank (TB 142, No. 16) “minder seker” waag.

+**frielyster**: soort strykyster vroeër gebr. om valletjies in materiaal te stryk (nie in WAT nie, maar vgl. **frielies** en **frieling** aldaar); wsk. uit Eng. *frill(ing) iron*.

frikboortjie v. **frikke(boortjie)**.

frikkel: “balletjie gemaalde vleis”; Ndl. (al 17e eeu) *frik(k)adel* uit Fr. *fricandau* (uit veronderstelde ouer *fricandel*), van onseker herk., maar verb. m. Fr. *frirc*, It. *friggere* en Lat. *frigere*, “braai, rooster”, word vermoed, indien juis, dan misk. ook verb. m. Eng. *fritter*.

frikke(boortjie): — *frikboortjie* —, “klein handboortjie”; misk. volkset. v. Ndl. *fretboor* (Ndl. *fret*, Mnl. *foret* uit Fr. *foret* in WNT, s.v. **fret** II), mntl. m. byg. aan Ndl. *frik*, “*penis*”.

fris: “gesond” (ander bet. by WAT); dit gaan hier veral om die woordvolgorde: in Afr. gew. *fris en gesond*, so ook in Ndl. en dial., asook by vRieb, en in Hd., in Ndl. egter gew. andersom; vgl. ook *pak en sak* naas *sak en pak* (v. Scho TWK/NR 7, 1, bl. 37).

froetang: — *froeta|frottang|fruta(ng)* e.a. by WAT —, plant en vrug (*spp. Romulea*, fam. *Iridaceae*); wsk. via Mal.-Port. *froeta* (misk. reeds *froetang*, vgl. *pienang*, *piesang*) uit Port. *fru(c)ta*, “vrug, bol, knop”, by Eck (eerste kwart 19e eeu) nog *fruta* (vgl. dTo P 47, en Scho PD 88).

fronteljak: “wyndruifs.”, na sy herk. uit omgewing van Frontignan (in Frankryk) genoem Muscat de Frontignan/*Frontignac*.

frot: “aanslaanspeletjie”; *frot* in dial. SNdl. (o.a. Vl., by. by Tei in bet. “slag, smet”) uit Fr. *frotter*, o.a. “aanraak”.

frottang v. **froetang**.

fruta(ng) v. **froetang**.

fuchsia v. **foksia**.

fuif: s.nw. en ww., “eet- en drinkparty; so ’n party vier” (in die eerste plek studd.); Ndl. *fuif* en *fuiven* (sedert omstreeks 1850 in studd.), herk. onbek.

fynbeslien v. **porselein II**.

fyntaaibos v. **karee**, **taaibos**, **windmakerbos**.

fyt: “vingerlitverswering”; Ndl. (sedert Kil) *fijt/vijt* (Mnl. *fijc*, dial. *fyk*, tans dial. nog *fijk/fik*) uit Lat. *ficus*, “vyg”, d.w.s. “vygvormige verswering”, vgl. Ndl. (sedert Kil) *vijgewrat* met Hd. *feigwarze*; *fyt* hou dus verb. m. Ndl. *vijg*, Afr. *vʏ(g)*, Eng. *fig* en Hd. *feige*.